Die Afrikaner
sedert 1970
R15
Bedryfskoste per eksemplaar
admin@hnp.org.za Tel. 079 752 4898
Nr 2268 14 Januarie 2026

*Nuwejaarsboodskap van HNP-Leier*

# 2026 – Jaar van verrassings?

**Fritz van Graan**



*Mnr/ Fritz van Graan*

Die jaar 2026 mag dalk 'n jaar van krisisse en verrassings wees, wat beteken dat ons geestelik en fisies voorbereid moet wees. 2025 het alreeds stormagtig verloop. Die oorlog tussen Rusland en Oekraïne duur al 'n paar jaar en daar kom nie eintlik 'n oplossing nie. Baie menselewens is al opgeoffer, meestal van die gewone bevolking en nie van die leiers wat die oorlog manipuleer nie. Dieselfde proses vind in die Midde-Ooste plaas waar Israel en Hamas mekaar verniel en verskriklik skade aanrig, veral in Palestina, wat die meeste fisiese skade en lewensverliese ervaar.

China dreig ook al sedert die Biden-bewind in die VSA om Taiwan aan te val. Trump het vir die grootste verrassing gesorg toe die VSA op 3 Januarie 2026 Venezuela binnegeval het, hulle president Maduro gevange geneem het en na New York geneem het om op aanklag van dwelmhandel en ander misdade te verskyn, veral t.o.v. die invloei van dwelms in die VSA. Daar is egter nog 'n faktor, nl. die groot olievoorrade in Venezuela, wat aanvanklik deur Amerikaanse ondernemings ontwikkel is, maar deur die kartelle in Venezuela gekonfiskeer en geplunder is. Die VSA wil die olievoorrade steeds beheer, wat veral vir China erg finansieel sal benadeel. China se vervaardigingsektor sal baie skade ly a.g.v. duurder energie wat benodig word vir fabrieke, ens.

Suid-Afrika is nie regtig 'n faktor in hierdie wêreldgebeure nie, behalwe dat hier finansiële implikasies gaan wees. Hierdie regering behoort 'n neutrale standpunt te handhaaf, veral teenoor die VSA waarheen die meeste uitvoere plaasvind. Die Regering van Nasionale Eenheid kritiseer die VSA en dien klagtes in by die wêreldinstansies om SA nog verder in ekonomiese ellende te dompel.

Suid-Afrika doen saam met Rusland, China en Iran gesamentlike vlootoefeninge, maar het slegs een funksionele duikboot wat nie werklik onder water kan funksioneer nie, baie min vliegtuie wat operasioneel is, ens. Dit is absoluut belaglik vir SA om deel te probeer wees van supermoonthede. Dit kan die Amerikaanse regering verder irriteer, sodat ekonomiese strafmaatreëls teen SA ingestel kan word.

Die HNP se raad vir 2026 behoort te wees dat Suid-Afrika heeltemal neutraal moet staan t.o.v. die Russiese/Oekraïense stryd, Midde-Oosterse struwelinge en die VSA/Latyns-Amerikaanse krisisse. So baie inligting in die media word verdraai en is onwaar en dus kan goed gegronde besluite nie geneem word nie. Intussen behoort die Blankes in Suid-Afrika ernstig bymekaar te kom om toekomsplanne te maak vir voortbestaan. Alle strategieë en planne moet gegrond wees op Christelike beginsels wat moet uitloop op selfbeskikking vir die Boere-Afrikanervolk.

Beginsels moet daarom deurslaggewend wees in alle besluite wat geneem word t.o.v. Godsdiens, staatsbestel, onderwys, ekonomie, tegnologie, landbou en alle ander aspekte. Mag ons in die HNP die anker wees en waarborg dat hierdie besluite op beginselbasis geneem word.

Ons moet glo dat die finale uitkoms vir ons volk in elk geval bepaal sal word deur ons Almagtige Drie-Enige God wat die lotgevalle van alle nasies en volke beskik en beheer! ■

## Die Redakteur……

# Voorspoed vir 'n moeilike jaar

Dit is seker gepas om in die eerste uitgawe van die jaar al ons lesers 'n jaar van die grootste moontlike voorspoed toe te wens, met die bede dat ons Hemelse Vader Sy hand oor ons as individue sal hou, maar ook oor ons as volk, wat ons glo Hy hier met 'n doel gevestig het.

Of dit 'n ware voorspoedige jaar gaan wees, sal nog gesien moet word. In sy nuwejaarsboodskap wys die HNP-leier, mnr. Fritz van Graan, op die probleme wat sommer al vroeg-vroeg in die jaar vir ons wink – probleme wat ons nie in die onlangse verlede veroorsaak het nie, maar wat ons wel direk gaan raak. Natuurlik het daardie probleme nie op 1 Januarie ontstaan nie, of gedurende 2025.

Daardie probleme kom al van die sestigerjare van die vorige eeu, toe die destydse NP-regering begin swig het voor internasionale druk nadat dr. Verwoerd uit die weg geruim is, en hulle daardeur met die aftakeling kon begin. Toe die eerste treë gegee is om die suksesvolle en werkende beleid van destyds om te keer en af te takel, was die skrif teen die muur. Die manne wat destyds die HNP gestig het uit protes teen dié beleidsverandering, het gewaarsku dat rasgemengde sport tot rasgemengde regering gaan lei. En in Afrika beteken dit 'n swartoorheerste regering.

Twee referendums daarna het die kiesers hulle aan die neus laat lei met valse voorstellings en beloftes, en telkens ja gestem vir die NP se verraad. Die probleme kom dus al so ver terug.

Ons het in 2025 gesien dat die liggie van die sogenaamde eenheidsregering aan die verflou is. Dit was die groot wonderwerk van 2024 se verkiesing, maar sedertdien het niks verander nie. Inteendeel: met 'n blanke DA-minister van landbou, gaan dit amper ellendiger as onder die slegste ANC-landbouminister.

Die ANC, wat die kabinet met 60% van die poste gekaap het nadat hy 40% by die stembus gekry het, doen steeds wat hy wil. Die "opposisie" wat nou deel uitmaak van die koalisieregering, se stemme het feitlik onhoorbaar sag geword. Cyril Ramaphosa maak elke dimplomatieke flater denkbaar, en hy kom weg daarmee.

Daar vind 'n vloot-oefening plaas in Suid-Afrikaanse waters, waaraan China, Rusland en Iran deelneem, terwyl Amerika se president Donald Trump sy tande slyp vir 'n volkskaalse oorlog met Iran. Nadat Trump intussen aangekondig het dat enige land wat enigsins kontakte en handel met Iran het, nog 25% ekstra aan tariewe aan Amerika gaan betaal. Suid-Afrika staan dus op die punt om een van dié gestrafte lande te word, met rampspoedige gevolge vir boere in die wyn- en vrugtebedrywe. Maar die minister van landbou, van die DA, se stem is doodstil, net soos oor die bek- en klouseer. Ander partye sluit by die DA se stilswye aan, en landsburgers gaan die gelag betaal.

Skynbaar het die Suid-Afrikaanse regering nou aan Iran gevra om van die vloot-oefening te onttrek, maar dis te min te laat: die skepe is steeds hier, en die oefening is lankal beplan, en Trump is deeglik ingelig daaroor.

Donald Trump gaan, reg of verkeerd, na Venezuela om die staatshoof te gaan uithaal. Suid-Afrika spring dadelik as eerste op die wa om te vra dat die VN Veiligheidsraad, waar Amerika 'n vetostem het, 'n noodvergadering oor Trump se aksies moet hou. Trump is klaar nie baie lief vir die Ramaphosa-deel van Suid-Afrika nie, maar Suid-Afrika storm in net om seker te maak dat die verhoudinge met Amerika nog slegter word. Hulle leer nie uit die feit dat Trump, weer eens reg of verkeerd, optree as hy so voel nie. Dalk besluit Trump op 'n mooi dag om Ramaphosa ook maar te kom haal – iets waaroor ons geen traan sal pik nie...

Intussen kyk Amerika en Rusland maar skeef na mekaar. Die sekretaris-generaal van Navo, Mark Rutte, het Europese lande gewaarsku om te begin voorberei vir oorlog, omdat hy 'n aanval van Rusland as 'n wesenlike bedreiging sien. Hy sal dit nie openlik sê as hy geen werklike rede daarvoor het nie.

As so 'n oorlog sou uitbreek, gaan dit beslis 'n oorlog wees waarby die hele wêreld betrek sal word, en wat ons nie gaan vryspring nie.

Suid-Afrika is ver van huidige brandpunte af, en die beste sou wees om soveel moontlik neutraal te wees, neutraal te klink en neutraal op te tree. Tot dusver is die ANC-geleide koalisieregering besig met dom-astrante buitelandse beleid, wat die binneland geweldig kan skaad.

Enige groot oorlog gaan 'n invloed op die ekonomie hê, en die beste voorbereiding wat 'n Suid-Afrikaanse regering sou kon tref, is om die ekonomie los te maak van belemmerende regulatoriese vereistes, sodat die ekonomie so vinnig as moontlik kan groei en herstel, sodat die land weer naby

aan selfversorgend kan wees as wat dit was in die tyd van dr. Verwoerd.

Ons begin die nuwe jaar met onveranderde vlakke van misdaad en wetteloosheid. Selfs die hoë sterftesyfer op die paaie, kan grootliks aan wetteloosheid toegeskryf word as gevolg van sekere motoriste wat hulle nie aan die reëls steur nie. En terwyl dit gebeur, word honderde polisielede van diens geskors omdat hulle self van misdaad verdink word.

Die nuwe jaar begin met 'n nuwe vlaag werksoekers wat nou die skool verlaat het, terwyl die werkloosheidskoers reeds hemelhoog is. Terwyl daar gespog word met die "rekord slaagsyfer", is daar ook die rekord druipsyfer van stewig oor die 100 000. Matrikulante kry nie eens werk nie, dus waar gaan die druipelinge beland? Duidelik het die regering geen plan vir hulle nie.

Maar elke donker wolk het 'n silwer randjie. Wyle mnr. Jaap Marais het voorspel dat hierdie bedeling nie sal kan hou nie. Selfs 'n koalisieregering sal dit nie kan in stand hou nie. Die ineenstorting skep nuwe geleenthede, mits ons reg is om die geleenthede aan te gryp.

Ons sal voortgaan met ons strewe na vryheid vir die Afrikanervolk. Elke ander volk wat dit ook wil hê, kan hulleself daarvoor beywer. Ons sê: Eie Volk Eerste! Die grootste taak gaan egter wees om dié wat uit innerlike oortuiging bymekaar hoort, bymekaar uit te bring, en betrokke te maak in ons vryheidstryd.

Dalk moet dit die eerste doelwit wees vir 2026!

# Afrikaanse Idiome (16)

Verlede jaar het die onderleier van die HNP, mev. Lulu Steenkamp, begin met 'n reeks oor Afrikaanse idiome as deel van die 100-jarige viering van Afrikaans as amptelike taal.

Haar idiome-poel is nog nie uitgeput nie, en daarom gaan sy weer voort met die reeks.

Eers verskyn die idiome, en onderaan die verduideliking. Hoeveel mense, en veral die jeug, ken nog al die idiome? Toets gerus self.

1) Iemand in die saal help.
2) Sak Sarel!
3) Sand(gras, grond) vreet.
4) Hy loop rond met sy siel onder sy arm.
5) Dit is nou haar skering en haar inslag.
6) Daarvan sal die skoorsteen nie rook nie.
7) Alles staan op los skroewe.
8) Dis nie elke dag Sondag nie.
9) Hy loop twee rye spore.
10) Slaan asseblief 'n laer toon aan?

Verduideliking:

1) Iemand help om sy verlore posisie weer terug te kry. *(To put a person back on his feet.)*
2) Moenie so jok nie! *(Come down to earth!)*
3) Van 'n dier afval (gewoonlik n perd). *(To be thrown off a horse.)*
4) Hy het niks om te doen nie. *(To have nothing to do.)*
5) Dit is haar gewoonte. *(This is her habit.)*
6) Dit sal nie kos in die pot bring nie. *(That does not help to make the pot boil.)*
7) Alles is deurmekaar. *(Everything is unsettled.)*
8) 'n Mens kan nie elke dag wil rus nie. *(One has to work too.)*
9) Hy is dronk. *(To be intoxicated.)*
10) Wees asseblief minder veeleisend? *(To sing pretty small.)*

# Geloftefeeste word meer en groter

*Die afgelope Geloftefees van 16 Desember, was groter as vorige jare. Volgens die FAK was daar meer Geloftefeeste landwyd gehou, en berigte wat Die Afrikaner gekry het, is dat die feeste goed bygewoon is, in baie gevalle deur 'n rekord aantal feesgangers.*

*Die Kloof Geloftefees is een van die feeste wat al oor dekades heen kom, en al van plek moes verwissel, maar gaan steeds voort. Die HNP-leier, mnr. Fritz van Graan, is aktief by dié feeskomitee betrokke.*

*Hierdie jaar is die feesrede gelewer deur mnr. Pieter-Willem Moller, kleinseun van die bekende historikus, dr. Pieter Moller.*

*Die Afrikaner plaas graag sy volledige toespraak:*

## Waarheen is ons op pad?

Die vraag van hierdie feesrede is: Waarheen is ons op pad? Om dit te kan weet sal ons moet weet wie ons is, en om te weet wie ons is, sal ons moet kyk waar ons vandaan kom.

Om die lyne van die Afrikaner se geskiedenis op te tel sal ons verder moet terug gaan as net 16 Desember 1838, met die slag van Bloedrivier, verder terug as selfs 6 April 1652 met die aankoms van Jan van Riebeeck, en verder selfs terug as 31 Oktober 1517 met die Reformasie.

## Bybelse Geskiedenis

Om u te wys wie die Afrikaner is en waar ons vandaan kom sal ons 6000 jaar terug moet gaan na die geskiedenis wat opgeskryf is in Gen. 1. Daar lees ons: "In die begin het God die hemel en die aarde geskape." Hier ontmoet ons die God van die Afrikaner, Hy wat alles geskape het en die Heerser oor die heelal is. Die Soewereine God wat die loop van die geskiedenis bepaal.

Ons lees in Gen. 3 van die mens wat in opstand kom, hy rebelleer teen God. So kom sonde in die wêreld in. God bly egter in beheer en belowe die Verlosser. Hier begin die stryd in die geskiedenis wat vandag nog uitspeel in ons midde. Die stryd tussen die saad van die vrou, die gelowiges, en die slang, Satan en die ongelowiges.

God bepaal van die begin af tot nou toe die loop van die geskiedenis. Hy bepaal die grense van volke (Hand. 17:26). Hy stel konings aan en sit hulle af (Ps. 110:5).

God sluit 'n verbond met Abraham, Isak en Jakob, Jakob se naam word verander na Israel. Vanuit sy nageslag vorm die volk Israel. Israel sondig, maar God bly getrou en in beheer. In ongeveer 1800 v.C. lewe Josef deur slawerny en tronkstraf, maar bly behoue en so God laat ook daar die slegte ten goede vir sy kinders mee werk (Rom 8:28). In ongeveer 1400 v.C. lewe Moses en word gered van die dood teenoor Farao. In ongeveer 1000 v.C. kry ons die lewe van Dawid, wat die reus Goliat verslaan, gered word van Saul en later Absolom, en die met hom wat God die verbond hernu en belowe die Messias uit sy geslag gebore sal word, die belofte wat deurloop van Gen. 3 af.

Satan probeer gedurig die saad van die vrou uitroei sodat die Messias nie uit die geslag gebore kan word nie. In ongeveer 500 v.C. probeer hy weer met Haman wat die volk wou uitroei, maar God red sy volk deur Ester. Die Een wat belowe is sal gebore word uit hierdie geslag en kan nie uitgewis word nie.

Vanuit hierdie geloofsverhale het ons voorvaders ook vertroosting en hoop gekry, want die tekste waarop die Gelofte gebaseer is staan in Gen. 28:20-22 wat in die tyd van Moses geskryf is en vertel van die lewe van Jakob. Asook Rigters 11:30-31 in die tyd van die Rigters waar die volk van God gedurig van onderdrukking en vernietiging gered is. Ps. 116:14 wat deur Dawid geskryf is. So kan ons ook ons vertroue uit hierdie geskiedenis put net soos wat ons dit doen uit die herdenking van die Voortrekkers se geskiedenis.

Hier kom die hoogtepunt – Jesus Christus word gebore. Die Verlosser uit die geslag wat deur God behou is. Hy kom om aan die kruis vir ons te sterwe om ons sondes te vergewe. Staan uit die dood op

om so die Satan en die dood te oorwin sodat ons as kinders van God kan lewe. Hy gee in Mat. 28 die sendingopdrag en so kry ons ook deel. Soos in Gal. 3:28 staan almal wat glo is nou kinders van Abraham. So kry ons ook deel aan die verbond met God en die belofte wat daarmee gepaard gaan.

Die genade word verbreed en in Hand. 2 word van Christus getuig in elkeen se eie taal en deur die genade van God sal daar, saam met hierdie tale, ook in Afrikaans tot lof van God gesing word met die wederkoms.

### Kerstening

In die 4de eeu n.C. verskyn ons voorgeslagte vir die eerste keer op die toneel. Die Germane val die Westerse Romeinse Ryk in en die ryk val. Ons voorvaders was in hierdie tyd rou heidene. Daar is selfs ‘n aanhaling oor die Noord-Germane wat hulle dank betoon dat hulle tot bekering gekom het en nie meer gode dien wat die bloed van hulle kinders eis nie.

Gelukkig kom daar sendelinge met die Evangelie ook na ons voorvaders. Soos Bonifatius wat 'n Benediktynse monnik en leidende figuur in die Anglo-Saksiese sending na die gebiede van moderne Duitsland was. Hy het belangrike fondamente van die kerk in Duitsland georganiseer.

Sowel as Willibord, onder sy prediking het ons voorgeslagte in Nederland tot bekering gekom. Willibord was 'n Angel-Saksiese monnik, biskop en sendeling. Hy het die eerste biskop van Utrecht geword.

Die Germaan, Koning Clovis van Frankryk kom tot bekering. ‘n Donker wolk het egter in die tyd oor die Christen wêreld gehang. Moslems het lande wat Christen lande was begin oorneem, hulle het Israel ingeval en die hele Noord-Afrika weg gesteel van die Christene af en selfs Spanje verower. En so in die 8ste eeu nou selfs die hart van Europa bedreig, waar hulle te doen gekry het met ons voorvaders.

Karel Martel verdedig van die begin af ons geloof as Germaanse krygers. In 732 n.C. vind die slag van Tours plaas waar hulle die Moslems verslaan en Europa red.

In 800 word Karel die Grote ‘n Christen Germaanse keiser van die Heilige Romeinse ryk. So kan ons voorvaders deel hê van 700 jaar van Europese Christendom. Ons raak duidelik stryders vir die geloof.

### Reformasie

Die Christendom begin egter verval en dit lei daartoe dat op 31 Okt. 1517 Martin Luther sy 95 stellings teen die kerkdeur van Wittenberg vas slaan. Uit die Reformasie kry ons helde soos John Knox, Calvyn en Zwingli.

Die Reformasie skop af en daar is ‘n 30 jaar oorlog in Duitsland van 1618 tot 1648 en ‘n 80 jaar oorlog in Nederland van 1566 tot 1648. Hier het ons voorgeslagte geveg vir die Gereformeerde leer, die suiwer Bybelse leer. Waar ons helde kry wat vandag nog in ons volksgeheue is soos Willem van Oranje. Daar kry ons die vrede van Wesfalia in 1648.

Die Edik van Nantes word herroep in 1685 so word Godsdiensvryheid in Frankryk weggeneem en die Franse Hugenote vlug finaal na Nederland toe na hulle reeds in 1572 tydens Bartolomeus nag wreed vermoor is.

Ons voorvaders was stryders vir die geloof ook in die tyd van die Reformasie. Baie van hierdie Gereformeerde vlugtelinge kom in Suid-Afrika aan.

### Suid-Afrika

Die loop van die geskiedenis hier aan die Suidpunt van Afrika word ook deur God beskik. Die Roomses seil verby die Suidpunt van Afrika, met Vasco Da Gama wat nie ‘n permanente kolonie hier vestig nie. God bepaal dat die Gereformeerde leer hier gevestig word.

Die VOC stuur vir Van Riebeeck en op 6 April 1652 sit hy voet aan val en begin ons verhaal in Suid-Afrika met ‘n gebed wat die VOC aan hom gegee het waar hy onder andere die volgende bid:

*“O Barmhartige Goedertieren God en Hemelse Vader,*
*waar dit u Goddelike Majesteit behaag het om ons tot die bestuur van die sake van*
*die Verenigde Nederlandse Oos Indiese Kompanjie alhier aan die Kaap die Goeie Hoop te beroep*

*en ons tot die doel met ons aanwesige Raad in u Heilige Naam vergader is om met hulle advies sodanige besluite te neem waarmee die grootste diens van die gemelde Kompanjie bevorder, die reg gehandhaaf, en onder hierdie wilde brutale mense indien moontlik u ware gereformeerde Christelike Leer mettertyd voortgeplant en verbrei mag word, tot die lof en eer van u Heilige Naam en die welstand van ons Here Prinsipale – waartoe ons sonder u genadige hulp allermins in staat is – so bid ons U derhalwe, o allergenadigste Vader, dat U ons met u vaderlike wysheid wil besoek, en in ons vergaderinge sal voorgaan en ons harte so sal verlig dat alle verkeerde gevoelens, misverstande en ander dergelike gebreke van ons geweer mag bly, teneinde ons harte van alle menslike aantastings te reinig, en ons gemoedere so gesteld dat ons in ons beraadslaginge niks anders mag voorneem of besluit as wat mag strek tot grootmaking en lof van u allerheiligste Naam,..."*

Twee jaar later op 6 April 1654, uit dank dat God hulle hier onderhou het, lê hy die volgende Gelofte af: "Waar dit vandag die tweede verjaarsdag is van die dag waarop ons deur die Here gelei, met die skepe Drommedaris, Reyger en De Goede Hoop hier ter plaatse behoue aangeland het om hierdie vesting en kolonie na die bevel van ons meesters te bou en te bestendig, en opgelet dat God die HERE alle sake tot vandag toe met vele seëninge voorspoedig en na wense laat verloop en laat slaag het, daarom het ons besluit, en ook vir die eerste keer begin om hierdie dag, die 6de April, tot eer van God met danksegging te vier en vir altyd tot 'n vasblywende dank- en biddag in te stel, sodat daarby die weldade van die Here wat aan ons bewys is, deur ons nakomelinge nooit vergeet mag word nie, maar altyd tot eer van God in gedagtenis en herinnering gehou sal word."

Vanuit ons volkstigting sien ons drie dinge: daar word terug gegryp na die sendingsopdrag, hulle was stryders van die Christendom en hulle was stryders vir die Gereformeerde; Bybelse leer.

In 1688 kom die vervolgde Hugenote ook hier aan en vul ons Gereformeerde erfenis aan.

Die Vryburgers word vrygestel van diens aan die VOC en word hier permanente gevestigde burgers. Hulle vestig hulle en in 1795 rebelleer hulle selfs vir onafhanklikheid en 'n republikeinse vryheidstrewe. Dieselfde jaar neem Engeland egter die Kaap oor en onderdruk ook hierdie rebellies.

In 1802 word die Kaap weer Hollands, maar die verdraaide gedagtes van die Franse Revolusie sluip in.

In 1806 is die Engelse egter weer terug en neem hulle finaal oor. Hulle stel 'n beleid van Verengelsing en belasting in. Dit lei tot die 1815 uitbreek van die Slagtersnek rebellie. Maar dit word onderdruk en die leiers gehang. Al breek die galg van almal behalwe een, wat as 'n teken van God se vryspraak gesien in. Die laaste tou word gebruik om hulle almal een vir een te hang.

In 1820 kom die Engelse setlaars aan by die Oosgrens en baie van hulle assimileer en word deel van ons volk en voorgeslagte. Daar is egter nie vrede op die Oosgrens nie en dit lei tot 'n klomp grensoorloë tussen die Oosgrens boere en die Xhosas. Die Engelse sendelinge het egter vroeër in die artikel die gedeelte oor Gen. 3 en die sondeval mis gelees en glo in die edele barbaar en so kies hulle gedurig die verwoestende Xhosas en rondloper Hottentotte se kant.

Die Afrikaners voel soos vreemdelinge in hulle eie land wat hulle uit die wildernis getem het. Dit lei tot die Groot Trek.

## Groot Trek

Die redes vir die Groot Trek was:

- Rondloper Hottentotte en Swartes wat wetteloosheid veroorsaak.
- Xhosa invalle wat verlies van lewe en eiendom veroorsaak.
- Verlies a.g.v. die vrylating van slawe waar die Boere totale vergoeding belowe is, maar slegs 'n vierde van die prys terug gekry het.

Al hierdie redes vind ons in Piet Retief se manifes. Hy sluit ook sy Manifes met die volgende punte af.

“8. Ons is van voorneme, om gedurende ons reis, en by ons aankoms in die land waar ons permanent sal woon, die inboorlingstamme in te lig oor ons voornemens, en ons begeerte om in vrede en in 'n vriendskaplike verhouding met hulle te lewe.

9. Ons verlaat hierdie kolonie in 'n vaste sekerheid dat die Engelse regering niks meer van ons moet verwag nie, en ons sal toelaat om onsself in die toekoms te regeer sonder inmenging.

10. Ons verlaat nou die vrugbare land van ons geboorte, waar ons groot verliese en voortdurende ergernis moes ly, en betree 'n wilde en gevaarlike gebied; maar ons gaan met 'n vaste vertroue op 'n alsiende, regverdige en barmhartige Wese, wie ons sal strewe om te vrees en nederig te gehoorsaam. Op gesag van die Boere wat die Kolonie verlaat het. (Geteken) P. Retief”

So word die Voortrekkers die draers van die Evangelie die binneland in.

Die Groot Trek begin met Louis Tregardt in 1834, met sy noordwaartse trek, saam met medetrekker Johannes (Hans) van Rensburg. In die onbekende binneland van Suid-Afrika in. Hulle vestig vir ‘n jaar aan die Zoutpansberge, op hierdie mees noordelike punt van hul trek het ongesonde toestande 'n tol op mens en dier begin eis. Oënskynlik verlate deur 'n opvolgtog, en ver van voorrade en kopers vir hul ivoor, het Tregardt die nedersetting laat vaar en die party suidooswaarts gelei na die Portugese buitepos by Delagoabaai wat later Maputo (die hoofstad van Mosambiek) sou word. Die seewaartse roete was moeilik en het die uitdaging ingesluit om 'n gedeelte van die noordelike Drakensberge te deurkruis.

Van Rensburg se hele trek word uitgemoor.

Alhoewel Tregardt die fort by Delagoabaai bereik het, het 'n aantal van hul partye onderweg malaria opgedoen. Die klimaat en weiding by die fort is as ongunstig gevind vir 'n langtermynverblyf, en Tregardt het 'n bediende na Natal gestuur om 'n ontruiming per see te versoek. Intussen het sy seun Carolus per skip noordwaarts vertrek om Madagaskar en Oos-Afrika te ondersoek vir moontlike vestiging. Voor sy terugkeer het Tregardt, ses maande ná sy vrou, aan malaria beswyk. Eers teen die winter van die volgende jaar, 1839, is die 26 oorlewendes met die Mazeppa-skoener na Port Natal vervoer.

Die ander groot leiers van die Groot Trek was: Hendrik Potgieter met Paul Kruger wat as kind deel was van sy trek, Piet Uys, Piet Retief en Gerrit Maritz.

Reeds in 1836 ontmoet Hendrik Potgieter die Tregardt-geselskap in die Soutpansbergomgewing. Volgens afspraak sou Potgieter sy mense gaan haal en Louis Tregardt noordwaarts volg. Dit werk nie so uit nie. Potgieter se trekgeselskap, onder wie ook Sarel Cilliers, word langs die Vaalrivier deur Mzilikaze se Matabele aangeval. Die slag van Vegkop volg waar hulle die Matabeles verslaan. Kort daarna ontmoet Gerrit Maritz en sy mense die Potgietertrek naby Thaba Nchu. Vroeg in 1837 onderneem hulle 'n strafekspedisie teen Mzilikaze en by hulle terugkeer word dit duidelik dat die volgelinge van twee sterk leiers, Maritz en Potgieter, met onderlinge verdeeldheid 'n leierskaptwis aanblaas.

In April daag die grootste groep onder leiding van Piet Retief op. Weer word pogings tot eendrag aangewend tog sonder sukses. 'n Grondwet word opgestel en Retief word tot goewerneur gekies. 'n Raad word ook saamgestel om orde onder die laers te handhaaf.

Daarna begin die trek oor die Drakensberge ‘n verskriklike moeilike trek. Wiele moes op gedeeltes afgehaal geword het en met takke vervang word om nie by die steil kranse af te gly nie.

Retief en Dingaan het reeds in 1837 ooreengekom oor grond vir die trekkers op voorwaarde dat Retief, Dingaan se gesteelde vee vanaf Sikonyella sal terugbring. Teen 4 Februarie 1838 het Retief daaraan voldoen en arriveer hy en sy gevolg van 70 man by Dingaanstat om die grondooreenkoms te teken. Dit word gedoen, maar Retief en sy hele geselskap word op 6 Februarie deur Dingaan vermoor. Al weet hulle dit nog nie, is daar skielik weduwees en wese in die laers.

Twee weke later, op 17 Februarie word die steeds niksvermoedende laers by Bloukrans en Moordspruit in die nag aangeval. Dit was 'n nag van verskrikking waarin 185 kinders en 100 volwassenes wreed vermoor is terwyl die vee weggeroof is. By Bloukrans en Weenen word die mense wreed vermoor net die laer by die Boesmansrivier kon weerstaan.

Piet Uys en Potgieter stuur die strafkommando, hulle word in ‘n lokval gelei by die slag van Italeni.

Dirkie Uys sterf ‘n heldedood saam sy pa. Hendrik Potgieter word ‘n lafaard genoem en trek terug oor die Drakensberge.

Maritz sterf op 23 September 1838 en die Voortrekkers is nou leierloos.

Hulle vra vir Andries Pretorius vir hulp, hy kom van die Oosgrens af en die 2de strafkommando word uitgestuur. Op 9 Des. by Wasbank word die Gelofte vir die eerste keer onder leiding van Sarel Celliers af gelê. Dit word elke dag herhaal.

Die dag van die 15de Des. word verspieders uitgestuur. Hulle kom op die Zoeloe Impie af. Omdat die volgende dag ‘n Sondag sou wees roep Andries Pretorius met die afvuur van sy kanon die verspieders en die waens terug.

Daar was 64 waens 464 mans met perde, osse en agterruiers, bewapen met Sannas wat Voorlaaiers is en 3 kanonne. Aan die suide kant van die laer was daar ‘n diep Donga en aan die Oostekant was daar ‘n rivier. Bloedrivier wat die volgende dag sy naam sou kry.

Die Zoeloes was tussen 12 000 en 16 000 gewees. Hulle het geveg in die formasie van ‘n bul, met die bors, kop en linker en regter horings. Elkeen het uit ongeveer 4000 man bestaan. Die kop het bestaan uit die ouer en meer ervare krygers. Die bors was ook ervare krygers bestaan en sou die kop ondersteun en keer dat hulle nie terugval nie. Die horings was gewoonlik die jonger krygers en het eerste aangeval. Die linkerhoring by die slag van Bloedrivier was egter ervare krygers maar het Dingaan se respek verloor tydens die gevegte by Bloukrans en Weenen en wil dit graag terug wen.

### Bloedrivier

Dit was ‘n koue nag met digte mis wat sou veroorsaak dat die gewere, wat se kruit vonk moes vat, nie sou skiet nie. Die Voortrekkers maak lanterns vas aan sweepstokke, die heidense Zoeloes dink dis die voorvadergeeste en val nie aan nie.

Die volk met ‘n gelofte aan God sing Psalm 38 na die aandgodsdiens:

Psalm 38 vers 11

Vyande lê hinderlae;

in my plae

dreig hul met die laaste slag.

Same spreek hul, same veins hul,

en bepeins hul

my verderf die ganse dag.

Psalm 38 vers 17

Wil my, HEER, in hierdie lewe

nie begewe;

wees nie ver van my gebed!

Hoor die roepstem van ‘n lyder,

o Bevryder

wat my altyd uit wou red!

Die oggend van die 16de lig die mis en die kruit bly droog. In die helder oggendlug sien hulle 'n skouspel. Na skatting sit 15 000 Zoeloes om die laer. Van Gass skryf: "ten laatste zagen wij niets als een zwarte bank rondom ons."

Ewe skielik sien die Voortrekkers die 4000 Zoeloes van die linkerhoring 50 m van hulle af voor hulle

staan. Die eerste Zoeloes word getref die oomblik toe hulle opstaan.

Dit gee 'n kort verdwaasdheid af. Wanneer die ander begin beweeg is die turfgrond nat en glyerig weens die misreën. Hulle steier voor die tweede sarsie koeëls uit die voorlaaiers. Die Zoeloe-aanval huiwer. So misluk die eerste Zoeloestormloop. Ook die tweede stormloop misluk op soortgelyke wyse. Die veld om die laer lê reeds besaai met gesneuwelde en gewonde Zoeloes.

Die Zoeloes val in golwe aan, maar word gedurig deur die Voortrekkers se vuur verdryf. 'n Ooggetuie praat 'n onsienlike hand wat die Zoeloes keer op keer terug dryf.

Wanneer 'n kanonkoeël later tussen die ervare Witskilde val, storm hulle dadelik die gevegsterrein in. Die ruimte word beperk. Dit word 'n gedrang. Die agterstes beur vorentoe en voor huiwer die onervare Swartskilde. Veg word feitlik onmoontlik as die duisende krygers in 'n malende menigte teen mekaar vasdruk. Die impi-hoofde sukkel om die manne te ontrafel en te hergroepeer.

Die walle van die sloot is steil en in die gedrang oor die glyerige veld en modder in die sloot word hulle magteloos afgemaai. Sarel Cilliers beskryf dit agterna as weersinwekkend. Ook die rivier is vol lewende en dooie Zoeloes. Ook daar word hulle afgemaai. Die Ncomorivier word Bloedrivier.

Twee ruiterstormlope van die Boere slaan 'n bres in die Zoeloegeledere. Dit oorspan die Zoeloes se moed en 'n golf van vlugtende Zoeloes begin ontwikkel. Hulle vlug in alle rigtings.

Op die ou end is daar 3000 Zoeloes dood. Daar is nie 'n enkele Voortrekker dood nie, net drie gewond. Waaronder Andries Pretorius wat deur 'n gewonde Zoeloe van sy perd af getrek is toe hulle die vlugtende Zoeloes agterna gesit het en vir sy lewe moes stoei totdat hy deur 'n ander Voortrekker gehelp is.

Die eerste ding wat die Voortrekkers doen na die ruiters terug is om die Here te dank vir die wonderwerk wat hy bewerk het. Dit was skaars 12 uur die middag.

Hier het God sy volk bewaar en so ook sy Evangelie hier op die Suidpunt van Afrika bewaar.

### Vanaf die Groot Trek tot vandag

Dit lei ons in tot die tydperk van republieke. Natalia word uitgeroep in 1839, maar word deur die Engelse geannekseer so vroeg as 1843. Die kerkgebou van die Gelofte word gebou.

Die Voortrekkers trek eerder kaalvoet oor die Drakensberge as om onder Engelse bewind te leef en baie wyk uit na die Transvaal en Vrystaat en in 1852 word die ZAR gestig en in 1854 die Republiek van die Oranje Vrystaat.

Die GRA word gestig op 14 August 1875.

Na die ontdekking van goud in die Transvaal val Brittanje die ZAR in en annekseer dit in 1877. God voorsien weer voortbestaan en die Eerste Vryheidsoorlog word na 'n paar slagte finaal op 27 Feb. 1881 gewen tydens die slag van Majuba.

Weer eens, net soos 16 Des. 1838, vind dit plaas op 'n Sondag. Met die Boere wat die berg storm.

En die Skotte wat gewond op die berg lê en die Boere hoor dankliere aan God sing met die wysies wat hulle ook herken. Hierdie mense het 'n Christelike karakter, wat hulle gedink het barbare is.

Die Engelse bly nie weg nie en dit lei na die 2de Vryheidsoorlog van 1899-1902. Hier gebeur die gruwel van die konsentrasie kampe waar 27 000 Afrikaner vrouens en kinders sterf. Tog bly hulle op die Here vertrou en gryp terug na Mat. 10 en vra dat twee mossies op die kleinste geldeenheid geplaas word.

Die rebellie van 1914 vind plaas toe die Afrikaners weier om Duitswes Afrika namens Brittanje in te val en Jopie Fourie word tereggestel.

In 1925 word Afrikaans 'n amptelike taal. In 1933 word die Bybel vir die eerste keer in Afrikaans uitgegee. In 1961 is daar weer vryheid. Maar daar kom verval en in 1994 is daar verdriet.

Nou is dit al 31 jaar later in 2025.

Ons is 'n volk wat 'n lang pad gestap het, waar ons deur God onderhou en gevorm is.

Maar tot wat en wie is ons gevorm?

### Wie is ons?

1. Ons het gesien dat ons ‘n blanke volk is met Europese afkoms.
2. Ons is Christene.
3. Ons het Gereformeerde wortels.
4. Ons is Afrikaanssprekend – ‘n volk uit Afrika met sy eie taal en kultuur wat hier op hierdie bodem gevorm is, ons is nie meer Nederlanders nie.
5. Ons is ‘n Geloftevolk.

### Gegrond in hierdie identiteit, waarheen is ons op pad?

In die geskiedenis van ons Verlossing is ons op pad na die wederkoms. As deel van God se uitverkore volk saam met alle ander gelowiges.

Nou wat is ons as Afrikaners se rol in hierdie tyd?

Ons moet voortbou op die sendingsopdrag net soos ons voorvaders.

Ons moet aanhou vertrou op God vir ons volk se toekoms hier in Suid-Afrika. Hy het ons volk al uit veel meer hopelose situasies gered. Hy bepaal die geskiedenis en die lot van volke.

### Hoe kan ons dit prakties uitleef en voortbou op die beloftes van God?

1. Om werklik te bely Hy is die Koning van die wêreld en ons volk. Hy stel regerings aan en sit hulle af.

2. Dus hoef ons nie vasgevang en vrees en rou te leef nie en kan ons ‘n posistiewe toekomsvisie hê.

Ons moet die hele wêreld onder die heerskappy van Christus stel.

Hierdie toekomsvisie kan ons uitleef deur te leef in God se verbond en met gelowiges te trou en daaruit kinders te kry en hulle groot te maak in die wil van die HERE. As u kinders al uit die huis is of u nog nie op trou staan nie bou aan gemeenskap van gelowiges by die kerk en Christelike kultuur organisasies. Want selfs die poorte van die hel sal dit nie oorweldig nie.

Terwyl ons vir die wederkoms van ons Verlosser wag waar ons as Afrikaners deel sal wees van die koor van elke volk, taal en nasie wat Sy lof besing. Op grond van wat God reeds vir ons gedoen en beloof het is die toekoms van ons volk seker. Laat ons die toekoms ingaan met ‘n loflied.

---


**Die Afrikaner**

admin@hnp.org.za Tel.: 079 752 4898

**Redakteur:** Mnr. Henk van de Graaf
vandegraafhenk@gmail.com





**Medewerkers:**

Mnr. Andries Breytenbach
Mnr. Hermanus van der Schyff
Mnr. Rudolf Buitendach
Dr. Sydney Gregan
Mnr. Meinhard Peters
Mev. Alet Murray
Dr. Gideon Grobler

**Uitleg en tegniese versorging:** Mev. Juanita Powroznik

# Woord en wêreld

## Die wêreld is nie die groot gevaar nie, maar ekself!

***Deur Dr. Gideon Grobler***



**Skrifgedeelte***:* Markus 7:14 *En Hy het die hele skare na Hom geroep en vir hulle gesê: Luister almal na My en verstaan. 15 Daar is niks wat van buite af in die mens ingaan wat hom onrein kan maak nie; maar die dinge wat van hom uitgaan, dít is die dinge wat die mens onrein maak.*

**Oordenking:** Die oersonde van die mens is die feit dat ons altyd iemand anders die skuld wil gee, eerder as om die verantwoordelikheid daarvan te aanvaar. Eva wou die sonde aan die slang toeskryf, Adam wou dit vir Eva gee en self vir God! Gén 3:12 *"En die mens antwoord: Die vrou wat U gegee het om by my te wees, sy het my van die boom gegee, en ek het geëet."*

Vandag nóg is dit só! Met die wedergeboorte, gee God aan ons, deur die werk van die Heilige Gees die vermoë om te heers oor die sonde, maar neem nie die geneigdheid daartoe weg nie. Die versoeking daarvan om myself eerste te stel, die beste vir mysélf te bedink en te bewerk, bly ons by tot die dood toe. Dit is ons stryd! Dit is die stryd om, teen ons begeerte in, God méér te laat word en onsself minder!

Hierdie feit herinner my voortdurend aan my eie sondigheid en nietigheid en laat my voortdurend onthou dat ek, op eie houtjie, steeds nie in staat is om teen die sonde te veg nie!

Behalwe dat dit 'n inherente begeerte is, wil die wêreld ons ook daarin troos! Daarom leer die mens wetenskappe soos die sielkunde en die sosiologie dat ek inherent goed is en dat dit die wêreld is, my omstandighede wat my sleg maak. Hoe beter ek teen die wêreld stry, hoe meer bewaar ek as't ware my goedheid!

Voorbeelde hiervan is legio! Dit is my omgewing wat sleg is en gemaak het dat ek in die moeilikheid gekom het! Ek was mishandel as 'n kind. Het nooit liefde gekry nie. Die straatvrou wat haar lewensstyl toeskryf aan eksterne faktore. Iemand het haar as kind misbruik of die ekonomiese omstandighede "dwing" haar daartoe!

Hierdie saak word ook ondersteun deur die mammas wat vir klein kindertjies wat ongeskik is, verskoning maak. "Verskoon hom/haar tog, sy /hy is moeg of voel nie lekker nie! So asof die omstandighede my dus die toestemming gee om ongeskik op te tree. Hierdie gedrag, hierdie handige verskoning, dra homself vorentoe in die lewe. In die spreekkamer sal die kind wat swak of geen dissipline by die skool het nie, kom vertel van hoe moeilik dit vir die kind is, die juffrou hou nie van hom nie en pik op hom, o ja en hy/sy word nog geboelie ook.

Dieselfde gedrag gebeur vorentoe in die werksplek in die huwelik en ook in die kerk! Die gebruik van die Roomse kerk vir vroue en priesters om in die klooster as't ware te gaan skuil van die wêreld af sodat hulle nie sondig nie! Ook in die geloofslewe waar mense dan, soos Adam, vir God die skuld wil gee.

Jesus sê: *"Daar is niks wat van buite af in die mens ingaan wat hom onrein kan maak nie; maar die dinge wat van hom uitgaan, dít is die dinge wat die mens onrein maak."* Die sonde kom van binne af. Uit die hart uit. Nie die orgaan wat die bloed pomp nie, maar die beheersentrum van ons denke. Van hierdie beheersentrum sê die profeet Jeremia: (17:9 ) *"Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken? "* Ek kan nie êrens gaan wegkruip daarvoor nie, want al sou ek in totale alleenheid gaan wegkruip, dra ek die sonde saam met my daar in!

Maak nie saak hoeveel mense dit sê nie, maak nie saak in hoeveel akademiese boeke dit op geteken is dat my sonde van êrens buite my kom nie. God, ons Skepper, Hy wat my van binne beter ken as wat ek myself ken, Hý sê dit is nie waar nie. Eksélf is die argitek van my moeilikheid! Ek kan hierdie verantwoordelikheid nie delegeer nie, ek kan dit nie ontsnap nie en ook nie abdikeer nie!

Dink gerus aan hoe koning Dawid probeer het om van die verantwoordelikheid ontslae te raak toe hy egbreuk met Badseba gepleeg het. Tog hy uiteindelik by die punt kom om sy verantwoordelikheid te aanvaar soos hy in Ps. 51 skryf: (6) "Teen U alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in u oë,…"

**Gebed:** *Hemelse Vader, Laat dit vir ons inderdaad waar wees dat ek van myself sal minder maak tot ek eendag niks is en U alles. Laat my daarom vir myself vlug, in 'n poging om meer aan U gehoorsaam te wees!*

**AMEN**

# Vanaf die lessenaar van die Hoofsekretaris

**Hermanus van der Schyff**

Ek begin vanjaar met 'n opsommende geskiedenis soos mnr. Jaap Marais dit opgeteken het in die boek "Waarheid en werklikheid". Die boek is in 1983 uitgegee, maar gee goeie agtergrond van wat rondom Suid-Afrika gebeur het.

Dit gee die geskiedenis van swak leierskap wat tot oorgawe deur FW de Klerk se weggee van Suid-Afrika aan 'n kommunistiese stelsel gelei het.

"MAGSTRYD TUSSEN OOS EN WES:

"In 'n volk se bestaan wissel die erns van strydvrae na gelang van binnelandse en buitelandse ontwikkelinge. Sake wat in een tydvak onbelangrik is, word in 'n ander tydvak van oorheersende belang, en omgekeer.

"In Suid-Afrika is in die sewentiger-en tagtigerjare veral drie groot strydvrae aan die orde: rasseverhoudinge, ekonomiese verhoudinge en buitelandse verhoudinge.

"Al drie is strydvrae wat oor 'n lang tydperk saam met Suid-Afrika kom. In die geskiedenis van rasseverhoudinge en van buitelandse verhoudinge lê die verhale van oorloë tussen Wit en Swart en tussen Afrikaner en Engelsman. En die stryd om die beheer van Suid-Afrika se rykdom vloei oor in buitelandse verhoudinge en klink deur in die wapenstryd van 1899-1902. Vandag, met die kommunistiese uitbuiting van rasseverskille en klem op ekonomiese determinisme, het dit 'n nuwe oorlog meegebring.

"Geeneen van hierdie strydvrae kan losstaande beskou word nie. Hulle lê ingeweef in die verwikkelde patroon van 'n geheel. Maar dan is daar ook geen ander manier om sinvol daaroor te dink en te praat nie as om hulle om die beurt nader te beskou en die drade van verbinding 'n ent weg in die aangrensende, en soms oorvleuelende, terreine te volg.

"Onvermydelik kom 'n mens telkens af op verbande waar al die betekenis aanvanklik nie ingesien is nie, en in die behandeling daarvan word teruggeroep na wat tevore reeds aangeroer is, sodat herhaling van basiese gegewens soms nodig is.

"Die grootste enkele faktor wat Suid-Afrika tans beïnvloed, is die magstryd tussen die VSA en Rusland. Dit raak alle lande en volke. Die Europese lande lê tussen dié twee magte, as die onvermydelike slagveld in geval van 'n wapenbotsing, hetsy met kernwapens of nie. Net Frankryk het sy eie kernbewapening om in so 'n geval terug te veg. NAVO (Noord-Atlantiese Verdrag Organisasie) is alleen toegerus vir 'n konvensionele oorlog en Frankryk is nie deel van NAVO nie. Die VSA belet kernbewapening van Wes-Duitsland en ander kleiner Europese moondhede. Die Amerikaanse doel is klaarblyklik om te verhoed dat Europa as 'n selfstandige militêre blok ontwikkel. Dít geval Rusland baie goed, want 'n sterk militêr toegeruste Europese blok kan Rusland se grootste bedreiging wees. So beskou, lyk dit of die VSA en Rusland die wêreld só wil opdeel en beheer dat elkeen se belange beskerm sal wees.

"Dié verdeling is nog nie afgehandel nie. Daar is oorblyfsels van die koue oorlog, soos Kuba, wat die patroon versteur. Daar is die diplomatieke winste soos Rooi Sjina se afkoeling teenoor Rusland en sy hartliker verhouding met die VSA, wat die Asiatiese partoon sterk kan beïnvloed, ondanks die Amerikaanse terugslae in Viëtnam.

"Afrika en Suid-Amerika is twee kontinente wat om verskillende redes van groot strategiese belang vir die VSA en Rusland is. In albei het Rusland reeds vastrapplek, in Afrika meer as in Suid-Amerika. Libië, Ethiopië, Angola en Zimbabwe is vir Rusland waardevolle voorposte in sy uitbreidingstrewe."

Is dit nie vreemd dat wat mnr. Marais in 1983 geskryf het nou in 2025/2026 al meer in plek val nie? Dit wys die goeie leier wat hy was en sy instink om dinge korrek te evalueer wat na meer as 40 jaar waar word. Die inval van die VSA in Venezuela is reeds deel van die verdeling van die Weste teenoor die Ooste.

As die publiek vroeër na mnr. Marais geluister het, en die HNP ondersteun het, sou ons nie nou onder 'n kommunistiese regering moet poog om te oorleef met al die wette en regulasies wat ons onderdruk nie.

In die volgende uitgawe sal ek verder uit mnr. Marais se boek aanhaal.

# Oor Amerika en Venezuela



*Die gebeure tussen Amerika en Venezuela het die hele wêreld aan die gons en gis. Sommige loof Amerika daarvoor, ander veroordeel hom daarvoor.*

***Dr. Sydney Gregan**, 'n regsgeleerde wat veral ook die internasionale reg bestudeer, het twee artikels aan Die Afrikaner aangebied vir plasing. Aangesien dinge vinnig gebeur, plaas ons beide artikels in hierdie uitgawe, omdat dit nog baie relevant is.*

*Sy eerste artikel dra die opskrif **"Operasie Q en die 'ontvoering' van Maduro"**, en die tweede artikel se opskrif is **"Alea iacta est ('The die is cast')"***

## Operasie Q en die "ontvoering" van Maduro

Terwyl dit op die oomblik gons oor die "gevangeneming" van die president van Venezuela, Nicholas Maduro en ook oor die onrus in Iran is ek van mening dat daar dalk 'n groter draaiboek afspeel as wat vir die blote oog sigbaar is.

Sowat 9 jaar gelede het dit rugbaar geword dat Operasie Qanon ("Q") in werking gestel gaan word. Hiervolgens sou die sogenaamde "White Hats", 'n spesiale operasie met Donald Trump aan die stuur daarvan, die plan wat deur die globaliste reeds vir dekades lank in die mou voer vir die daarstelling van 'n Nuwe Wêreldorde, ontmasker en vernietig. Dit hou ook in dat baie gebeure wat nou voor ons afspeel vir ons (die gewone man op straat) eenvoudig onverklaarbaar lyk, maar alles volgens 'n deeglike plan. Hoe verklaar mens dit immers dat 'n leier van 'n land met bykans geen teenstand van sy soldate eenvoudig "gevang" word en basies ontvoer word na die VSA nie? Nie lank gelede nie is president Assad van Sirië eenvoudig gaan "haal" en is hy blykbaar nou woonagtig in Rusland. Dat 'n voormalige leier van die gewraakte en moordlustige ISIS nou in Sirië regeer skeel die wêreld blykbaar min. Feit is, ook hierdie gebeure skreeu teen enige beginsel van die Internasionale Reg net soos die gebeure om Maduro te "verwyder".

Sowat 'n maand gelede het Trump nog 'n "vriendelike" telefoongesprek met Maduro gehad. Ek reken die draaiboek is toe finaal bespreek en beplan. Maduro sal, net soos Assad, na 'n veilige hawe verwyder word en 'n plaasvervanger, deur Operasie Q aangewys, sal sy plek inneem.

Uiteraard is daar baie ander faktore wat 'n rol speel. Venezuela het die meeste oliereserwes in die wêreld en Rusland en China se invloed daar is dalk nou vir alle praktiese doeleindes die hoof gebied. Maar wat indien Poetin en Jinping dalk deel van die operasie is om die NWO se agenda te stuit? Dit mag vergesog klink, maar wie is regtig vandag in staat om die wêreldgebeure deeglik te ontleed eerder as om net bloot oppervlakkige kommentaar te lewer?

Ek glo eenvoudig niks wat deur die *New York Times*, die *BBC*, *CNN*, *Netwerk24* en andere verkondig word nie. (En onthou maar Facebook word ook deur die NWO "bestuur"!) Hierdie media word deur die NWO ingespan en boonop betaal om die propaganda te verkondig dat die NWO 'n "beter lewe vir almal" beoog. Hoeveel keer nog moet mens byvoorbeeld daarop wys dat COVID-19 'n NWO-projek was wat

ten doel gehad het om mense te vermink en te vermoor en te verslaaf?

Terug by die onderwerp. As student van die Internasionale Reg staan ek enersyds verbysterd oor die flagrante skending van die beginsels daarvan. Daaronder tel die soewereiniteit van 'n staat, die reg op territoriale integriteit, die reg op outonomiteit, die reg op selfbeskikking, en helaas; audi alteram partem ("hoor die ander kant") – laasgenoemde 'n 2000-jaar oue regsreël! Andersyds en heeltemal verwyderd van en teenstrydig met die reg en teen alle objektiwiteit en kennis en wysheid en normale verstand en wat ookal, hoop ek dat Operasie Q gaan slaag juis omdat dit die bose planne van die NWO gaan stuit. So ja, dalk moet mens versigtig wees om in die hitte van die oomblik emosioneel te raak en selfs verheug te wees as 'n "bose diktator" (wat nie sy olie wou wegteken), ontvoer word nie. Dalk moet ons almal 'n bietjie meer objektief na sake kyk. En sake langer en deegliker oordink.

Ons kyk immers nie na rugbywedstryd nie, maar na 'n "spel" wat ons toekoms gaan beïnvloed en beslissend kan bepaal.



## Alea iacta est ("The die is cast")

Ek sou wou glo dat die redelike man op straat geskok sou wees oor die VSA se optrede op 3 Januarie 2025 in Venezuela. Feit is, mens het blykbaar so gewoond geraak aan Amerikaanse optredes wat lynreg in botsing is met die Internasionale Reg dat selfs hierdie ontvoering van 'n president in die lig van die mediadekking as geregverdig en noodsaaklik beskou word.

Ek het in 'n vorige artikel melding gemaak van die feit dat die hele optrede skreeu teen elke internasionale regsnorm, maar dat ek hoop dit hou wel verband met 'n geheime agenda waarvan ons nie ingelig is nie, naamlik Operasie Q. Sou dit nie die geval wees nie, sal diegene van ons wat aan daardie sprankie hoop vashou moet erken dat dit wat ek hierna gaan sê die ware stand van sake weergee.

Net soos die geval was met Israel se optrede in Gaza is daar eenvoudig geen regsreël wat die VSA kan aanvoer wat sy optrede in Venezuela regverdig nie.

Dit sou daarom heeltemal verstaanbaar gewees het om verstom te wees oor die omvang en brutaliteit van die VSA-operasie in Venezuela — die ontplooiing van meer as 150 vliegtuie wat gekulmineer het in die inhegtenisneming van president Maduro en sy vrou. 'n Mens sou selfs met bewondering kon praat van hoe geslaagd die operasie was en verbaas oor hoe min weerstand daar was.

Ons kan almal die hoofstroom media napraat oor hoe "diktatories" Maduro was en dat hy besig was met "narco-terrorisme". Dis tog immers wat ons vertel word so hoekom sal dit 'n leuen wees? Wat by almal verbygaan wat so saam handeklap is dat nie een van ons die bewyse gesien het nie. Ons glo eenvoudig wat aan ons opgedis word. Maduro is reeds skuldig bevind. Dat 'n hof wat geen jurisdiksie oor hom het nie nou die stempel op sy skuld sal plaas skeel ons blykbaar min.

Ons sal wel noem dat dit "kompleks, buitengewoon en kontroversieel" is, eerder as om te erken dat dit nog 'n bekende hoofstuk in die VSA se draaiboek is. Dit verraai 'n oneerlikheid of dan minstens 'n

doelbewuste historiese geheueverlies. Dit weier om die blywende Amerikaanse leerstelling van onbeheerste en onwettige oorheersing te konfronteer: 'n eeue lange patroon van eensydige aksies wat oor bykans 2 eeue strek: Guatemala, Chili, Grenada, Panama, Afghanistan, Irak en Libië. Om maar enkeles op te noem waaraan ek vinnig kan dink.

Die VSA het blykbaar, weens sy militêre mag, 'n volhoubare aanspraak en reg om eensydig stappe teen state te neem, die VVO te ignoreer en die Internasionale Reg te minag. Dit is die harde werklikheid. Ons is weer eens dalk net verbaas en ons volhard in ons verbasing!

Kom ons wees eerlik: Het enige van die VSA se stappe ooit iets vir die gewone man op straat beteken? Ek glo nie. Dit het oliemaatskappye en banke en militêre wapenvervaardigers astronomies verryk ja, maar ek sukkel om aan ‘n voorbeeld te dink hoe dit die gewone man op straat se situasie verbeter het. Ons is deur die media vertel van ons beter lewe dog sal ons moet erken dat dadels daarvan gekom het! Miskien glo ons (ek in elk geval – weens bogemelde redes) dat dit hierdie keer “anders” gaan wees. Ons glo dit tog maar elke keer, of hoe?

Wat ons moet toegee is dat ons sin vir reg en geregtigheid elke keer in die slag bly wanneer ons doelbewuste oortredings van die Internasionale Reg goedpraat of wegpraat. Feit is, van die Internasionale Reg het net die skerwe oorgebly. Selfs die “rules-based order” waarvan die Amerikaners praat het nou gesneuwel. Hierdie optrede teen Venezuela en Maduro (as Operasie Q dan ‘n foefie is) het finaal getoon dat Amerika sal doen wat hy wil en wanneer hy wil. China en Rusland kan dreig en Duitsland en Brittanje kan proes en hoes, maar die VSA sal maak wat hy wil.

Vier-en-twintig-uur van die dag bied nuus siklusse elke krisis as onberispelik nuut, gestroop van historiese konteks, wat toelaat dat die lesse van Grenada, Panama, Irak en Libië stilweg in vergetelheid verdwyn. In die ure en dae ná 3 Januarie het Amerikaanse kabelnetwerke en groot dagblaaie hierdie uitwissing van die geheue beliggaam en bekragtig.

Die hoofstroommedia het die VSA-operasie gevier as 'n triomfantlike aanval teen die "… koning van 'n groot kriminele netwerk wat verantwoordelik is vir die smokkel van kolossale hoeveelhede dodelike onwettige dwelms na die Verenigde State…" en dit as ‘n suiwer teen-dwelm optrede eerder as globale magspel beskou.

Daar word ook gepraat van onverseëlde aanklagte vir narco-terrorisme, kokaïen sameswering en wapenklagtes. Die skouspel van 'n geblinddoekte, geboeide Maduro wat aan boord van die USS Iwo Jima paradeer, is eindeloos herhaal, maar selde binne die lang Amerikaanse geskiedenis van die eliminering van ‘n buitelandse leier vir “verhoor”. Mens moet seker toegee dat Maduro se verhoor minstens minder grusaam as Ghadaffi s’n is (of sal wees) …

Figure soos Saddam Hoessein en Nicolás Maduro is gewoon “skurke” en kry hulle verdiende loon daarom is die ingryping vanselfsprekend geregverdig. Die formulering van die aanklag"… in samewerking met sommige van die gewelddadigste en mees produktiewe dwelmhandelaars en dwelmterroriste in die wêreld…" is so oortuigend dat bewyse nie nodig is nie. Maduro het binne die kwessie van enkele dae die grootste skurk op moeder aarde geword. Die Amerikaanse ryk het klaarblyklik in ons almal se belang opgetree en was dit blykbaar ‘n “onwillige” verdediging van universele waardes. Ons moet net “Amen” byvoeg…

Dieselfde oorverdowende stilte verskyn wanneer die mensdom elke nuwe Israeliese gruweldaad met ywer toejuig terwyl die Palestyne as mindere en magtelose mense dit slegs met nuwe ongeloof en hernude skok kan begroet. Hulle hou maar steeds vas aan die hoop op geregtigheid en ingryping, wetende dat om wreedheid as permanent te aanvaar, die deur vir enige ander toekoms sou sluit.

Wat gebeur en nou finaal beaam is, is dat die soewereiniteit van ‘n staat en sy territoriale integriteit nou net voorwaardelik is. Amerika (en/of Israel) sal besluit oor die betekenis daarvan.

Binne Venezuela het 3 Januarie meer as net die verwydering van 'n president geword. Ondanks die polarisasie wat daar is, het die ontvoering van ‘n president hulle waardigheid vertrap en hulle as pionne en slawe van die Amerikaanse ryk uitgewys. Watter selfbeeld kan ‘n volk tog hê as sy president op so ‘n wyse uit sy land geruk word? As hy vanuit Amerika regeer word?

Om die punt te staaf moet na die reaksie van ander sogenaamde “groot moondhede” gekyk word. Noord-Korea het gereageer deur missiellanserings en militêre oefeninge te versnel, en dit as voorbereiding vir 'n "werklike oorlog" in 'n verslegtende "geopolitieke krisis" aangebied — 'n duidelike sein dat die lot van 'n nie-kernregime soos Maduro s'n net die sentrale belang van afskrikking versterk. China het die operasie as "hegemonies" en in stryd met Internasionale Reg veroordeel, en Maduro se onmiddellike vrylating geëis en gewaarsku oor streeksonstabiliteit. Rusland se ministerie van buitelandse sake het die aanval as 'n "daad van gewapende aggressie" en 'n "onaanvaarbare aanval op soewere-



initeit" bestempel, en het aangedring op 'n noodvergadering van die VN-Veiligheidsraad — wat op 5 Januarie byeengeroep is maar deur die VSA se veto-mag niks verder sal oplewer nie.

Kuba se president Díaz-Canel het die operasie as "staatsterrorisme" veroordeel en gewaarsku dat die verlies van Venezuelaanse oliesubsidies sy land se ekonomie in akute gevaar plaas — 'n kwesbaarheid wat Trump openlik bespot het, en gesê het dat "Kuba gereed lyk om te val".

Europese regerings het hul kenmerkende ambivalensie behou. Frankryk se Macron het voorgestel dat Venezuelaners dalk "net bly is" oor Maduro se verwydering, terwyl hy die metode gekritiseer het as 'n oortreding van beginsels van nie-gebruik van geweld. Duitsland se Merz het die regsterrein as "kompleks" beskryf. Spanje se Sánchez het beide Maduro se bewind en enige ingryping wat internasionale reg oortree het, verwerp.

En helaas; Brittanje wag vir “leiding” uit Washington!

Intussen het die dooiepunt van die VVO se Veiligheidsraad die verlamming van globale instellings blootgelê wanneer die VSA se strategiese prioriteite met die handves se beperkings bots.

Die dieper nalatenskap van 3 Januarie lê in die les wat reeds wêreldwyd geleer is. Kernwapenstate beskou afskrikking nou as eksistensieel. Nie-kernstate staan voor 'n magteloosheid en kwesbaarheid wat enige tyd ontbloot kan word.

Die gebeure van 3 Januarie 2026 is vir die oningeligte kyker daarvan asemrowend: Sowat 150 vliegtuie is van twintig basisse af gelanseer. Aanvalle het Venezuelaanse lugverdediging geneutraliseer en dele van Caracas verduister. Delta Force-operateurs het die kompleks binnegedring, in kort vuurgevegte betrokke geraak, en Maduro en sy eggenote Cilia Flores binne minute “onttrek” en was hulle aan boord van die USS Iwo Jima. Geen Amerikaanse sterftes nie. Die boodskap was maksimaal. Wie kan dit tog betwyfel?

Dit bring my by die opskrif van hierdie artikel.

Trump het sy mag en agenda getoets. Hy wou sien of enige land gaan optree en of hy deur die Amerikaanse kongres veroordeel sou word vir ‘n optrede wat immers hulle goedkeuring nodig gehad het. Hy het nou gesien dat hy ‘n Rubicon oorgesteek het en dat hy nie hoef te skrik of te huiwer nie. Hy weet hy het nou carte blanche om te doen wat hy wil. Groenland is waarskynlik volgende en Kanada daarna. Die Palestyne sal waarskynlik na Somaliland moet verhuis en Israel sal Iran bombardeer. Die tafel is gedek – en ons is blote toeskouers.

Wat Donald Trump waarskynlik ook besef is dat hy, soos ander outokrate voor hom, dalk self een dag voor ‘n Internasionale Geregshof sal moet staan indien sy agenda misluk. Ook om daardie rede sal hy waarskynlik geen ander keuse hê as om sy agenda met mening deur te voer nie.

So, dit in kort wat die sigbare vir my (en gesien uit ‘n regsoogpunt) aandui.

Die aanhangers van Operasie Q (waarvan ek een is) beskou die optrede as deel van die groter plan. Daar is dae wat ek sterk begin twyfel of hierdie plan (wat party dae geen sin maak nie) enigsins op die tafel is. Sou dit ‘n wortel wees wat voor ons neuse gehou was, sal ons moet toegee dat die globaliste nogeens die wêreld (en vir ons) vir die gek gehou het.

Intussen sit ons met springmielies voor die TV en ons rekenaars en wag vir die volgende episode van ‘n ryk en sy heerser wat duidelik vir niks en niemand sal stuit nie. ■




## Soustrein trek nuwe jaar flink weg




Soos dit nou al jarelank die praktyk is, word omstrede sake in Desember in die Staatskoerant gepubliseer, wanneer baie instellings toe is of mense met verlof is, en daarmee word gehoop dat sake stilweg deurgestoomroller kan word.

So is daar in Desember 'n salarisverhoging van 4,1% vir politici in die Staatskoerant gepubliseer.

Daarvolgens sal die president se jaarlikse salaris van R3,34 miljoen tot R3,48 miljoen styg – 'n verhoging van R138 000 oftewel R11 500 per maand. Die adjunkpresident sal met R10 833 per maand verhoog word en sal dan op R 3,294 miljoen per jaar te staan kom. Ministers se salarisse verhoog met R9 250 sodat hulle R2,8 miljoen per jaar sal kry (let wel: kry, nie verdien nie...). Adjunkministers se salarisse sal met R 7 583 per maand styg om hul jaarlikse inkomste op R2,306 miljoen te staan te bring. Gewone parlementslede kry ingevolge die voorstel in die Staatskoerant R4 333 per maand meer, wat beteken dat hulle jaarlikse salaris verhoog word tot R1,326 miljoen – R110 500 per maand!

Die hele pakkie sal die belastingbetalers R536 miljoen per jaar meer uit die sak ruk. Skaars 'n paar maande tevore het die minister van finansies al gewaarsku dat belastingverhogings in 2026 op die tafel is vir bespreking, want die staat kan nie al sy verpligtinge nakom nie. Vroeër in 2025 was daar die politieke krisis toe die minister die BTW-koers met 2% wou verhoog.

Dieselfde minister se stem is nog nie gehoor dat hy sal afsien van sy maandelikse verhoging van R9 250 nie...

Wat verder nogal interessant is, is die feit dat Cosatu, lid van die ANC se Drieparty-Alliansie, kapsie gemaak het teen die verhoging en dit as "aanstootlik" en "anderkant skandelik" beskryf.

Nou ja, dieselfde Cosatu eis dikwels vir hul lede "nie-aanstootlike" en "nie-skandelike" verhogings van ver bo die inflasiekoers, en eise van 7 tot 15 persent is nie vreemd vanuit die Cosatu-stal nie.

Tog moet **Sarel** wel hierdie keer met Cosatu saamstem. Die 4,1% is steeds bo die amptelike inflasiekoers. Bowendien, as gesien word hoeveel minister nog nie hul vrae in die parlement beantwoord het nie, is dit duidelik dat hulle nie hul werk doen nie, en daarom nie geregtig is op enige verhoging nie. Hulle behoort beboet te word vir elke vraag wat hulle nie antwoord nie, en dit moet nie 'n simboliese boete van R10 per vraag wees nie, maar eerder R10 000 per nie betyds beantwoorde vraag!

Netso interessant is die afwesigheid van enige protes van die sogenaamde opposisiepartye (behalwe Jacob Zuma se MK-party). Die meeste opposisiepartye is deur die polities sluwe Ramapokker in die koalisieregering getrek, waar hulle nou as groot maatjies heelhartig saamwerk.

*• Dit wys maar net weer hoe die Soustrein dit regkry om jou standpunt te verander: bepleit 'n kleiner kabinet, maar dien in 'n vergrootte kabinet; eis minder vergoeding vir politici, maar aanvaar die groter vergoeding. En so begin die jaar op soustreinwekkende snelheid, en sal die belastingbetalers maar die rekening daarvoor kry in die begrotingsrede van Februarie.*

---

## Maar kyk dié Soustrein

Die parlementêre soustrein begin eintlik lyk na kleingeld as gekyk word wat in die polisie aangaan. In 2024-2025 is 149 polisielede geskors, en sit tuis terwyl hulle lekker betaal word. Tot einde Oktober is nog 84 lede geskors, dus 'n totaal van 235. Die klompie saam het R 25 308 713,78 gekry (let wel: gekry, nie verdien nie, want hulle hou betaalde vakansie). Dit beteken gemiddeld R107 696,65 per geskorste polisielid.

Van die geskorste klomp, word 185 van 'n misdaad verdink, en van die klagtes sluit in moord, poging tot moord, roof, verkragting, bedrog, diefstal, ontvoering, regsverydeling, korrupsie, afpersing en seksuele teistering, terwyl aanranding die meerderheid klagtes uitmaak.

Die geskorstes strek oor alle range, van konstabel tot selfs 'n luitenant-generaal.

Die sake bly hang, want vakbonde raak betrokke en vertraag die verrigtinge, en die howe is buitendien reeds oorvol.

Dit is nou die "Diens" wat die publiek moet beskerm, wat self aan die verkeerde kant van die reg staan, en dan sonder blik of bloos elke maand belastingbetalersgeld ontvang.

*• As Sarel nou in die polisie sou wees, sou hy 'n briljante plan gehad het: Sarel is al so lank lus om ou Kareltjie Niehaus 'n stewige opstopper te gee. As hy nou in die polisie was, sou hy dit beslis gedoen het, baie bevredig gevoel het en lekker geskors tuis gaan sit het terwyl hy steeds geld daarvoor kry. Hemels...*

---

## Twis in die DA, en boere woedend

Daar word al baie gepraat oor die twis in die ANC, maar die DA spring dit ook nie vry nie.




***Sarel*** *Steenhuisen*

Die leier, John Steenhuisen, het mos besluit om sy president te vra om die minister van bosbou, vissery en die omgewing, dr. Dion George, te verwyder en hom adjunk-minister te maak. George was nie vir daardie rangverlaging te vinde nie, met die gevolg dat hy toe heeltemal uit die koalisie kabinet val.

Hy word opgevolg deur Willie Aucamp, seun van die eens enigste Afrikaner Eenheidsbeweging (AEB) parlementslid, Cassie Aucamp, wat juis die AEB gestig het nadat hy uit die toe nog VF sonder Plus padgegee het.

Die eerste dinge wat George doen, is om sy leier te laat ondersoek nadat George beweer het dat Steenhuisen die DA se kredietkaart gebruik het vir wegneemetes.

Uit dank vir sy bevordering, het Willie Aucamp sy leier te hulp gesnel en 'n klagte teen George ingedien by die Openbare Beskermer, omdat Zucamp op sy beurt beweer George het staatshulpbronne misbruik – dus ongeveer dieselfde wat George van Steenhuisen beweer het, maar net op groter vlak.

Intussen is Steenhuisen wel onskuldig bevind aan sy wegneem-etes, en die DA het bevind dat sy gebruik van die party se bankkaart wel binne die riglyne geval het. Dus, hy kan maar weer gaan wegneemetes kry...

Wat egter nog nie opgelos is nie, is die ondersoek wat die DA se Federale Raad doen om te bepaal of Steenhuisen en/of George die party se naam in oneer gebring het met hul openlike vete. Dit is vir **Sarel** net vreemd dat Aucamp nie ook daarvoor ondersoek word nie, want hy was beslis nie op die agtergrond in die hele sage nie.

Binnekort is dit weer leiersverkiesing in die DA, en alhoewel dit op die oomblik nie lyk of Steenhuisen enige teenstand hoef te verwag nie, kan dit natuurlik verander met 'n ongunstige uitslag in die ondersoek. Sou Steenhusen los kom, en George moet die gelag betaal, kan verwag word dat George dit nie daar gaan laat nie, dus die DA is intern nog in 'n onseker tyd.

*• Alhoewel beide Steenhuisen en Ramapokker knus saamwerk in die ANC-beheerde koalisieregering, en dit dus aan die buitekant van die DA-woelinge beter lyk as binne, is die landbougemeenskap intussen woedend vir Steenhuisen omdat hy as minister van landbou niks of nie genoeg doen om die steeds groeiende bek- en klouseer probleem aan te pak nie. Hy word al hoe meer gesien as 'n politieke skoothondjie vir Ramapokker, wat al net so besluiteloos geword het as sy president-baas. Vandaar dat die meegaande KI-gedokterde foto nogal gewild is op sosiale media...*

---

## Natal in onstuimige water

Dit is nie net die ANC en DA wat hulle unieke probleme het nie, maar in Natal gaan dit ook maar onstuimig.

Die provinsiale koalisieregering staan ook op die rand van ineenstorting nadat die National Freedom Party (NFP) hom uit dié regering onttrek het. Die NFP was 'n party wat tot stand gekom het nadat 'n groepie lede uit die IVP weggebreek het. Die NFP het nie werklik hond haar-af gemaak nie, maar hulle enigste setel in Natal, kan nou vir Zuma se MK-party aan bewind bring – iets wat alle ander partye probeer voorkom.

MK het juis 'n mosie van wantroue teen die premier met een stem verloor, en hulle gaan weer probeer om 'n mosie in te stel. Met die laaste stemming oor dié mosie, was die provinsiale sitting weer erg ontwrig toe die *Speaker* aangekondig het dat die mosie misluk het en die premier sy pos behou.

Daardie petalje dreig om nou herhaal te word.

*• En dit wys maar net weer hoe betroubaar en standvastig 'n koalisieregering is, veral as een van die kleiner partye met 'n setel "oortuig" moet word om deel te neem. Die NFP met sy een enkele sielige setel was selfs deel van die provinsiale regering!*

---

## Matrieks se "prestasie"

**Sarel** is natuurlik baie bly dat die toppresteerder van 2025 se matriekklas 'n volksgenoot is met die naam Abigail Kok, en sy kom uit die Wes-Kaap, al was sy in 'n Engelse skool.

Verder word daar groot gewag gemaak van die rekord hoë slaagsyfer van 88% in openbare skole. Die onafhanklike eksamenraad (IEB) se slaagsyfer is bo 98%, en die CVO-skole spog met 'n 100% slaagsyfer.

Die IEB en CVO-skole se standaard is baie hoog, teenoor die staats- op openbare skole.

In die openbare skole word die slaagpunt so bereken: 'n leerling moet 40% kry in sy of haar huistaal, en 40% in nog twee vakke. In die ander vier vakke is die slaagsyfer 30%, maar een vak mag gedruip word. Dus, in die druipvak, het die leerling dus nog minder as 30% gekry.

Dus: twee maal veertig persent, drie maal dertig persent, en een maal nul persent, besorg jou steeds 'n matrieksertifikaat.

Met daardie vereiste, is dit te verstane dat die slaagsyfer hoog is. Maar steeds is dit baie laer as by die CVO-Beweging se skole en die IEB.

Dan is daar nog 'n kant van dié storie: In 2024 het 705 291 leerlinge matriek geskryf, waarvan 615 429 geslaag het. Dit beteken 89 862 het gedruip.

Van die 2025-klas het 903 5651 vir die eksamen geregistreer, waarvan 795 200 geslaag het. Dit beteken dat 108 361 gedruip het.

Dus, die rekord slaagsyfer, word maar effe gedemp deur 'n rekord druipsyfer ook, maar dit word verswyg deur die DA-minister van basiese onderwys!

*• **Sarel** hoop dat alle voornemende werkgewers vir matrikulante darem eers net seker maak watter matriek hulle geslaag het: CVO, IEB of openbare onderwys. Laasgenoemde se kwalifikasie moet dan maar eers behoorlik onder die loep geneem word!*

---




**HUTTEN-BUCHDIENST**

Posbus 70770, Die Wilgers, 0041
Vuurklipstraat 541, Die Wilgers
www.hutten.co.za
**hutten.buchdienst@gmail.com**
072 229 2148

# "Sy doodkry was (nog steeds) nie"





'n Stel van **8 DVD's**
(ook op 'n geheuestokkie)
oor die politieke ontwikkeling
oor die afgelope
50 jaar en die rol van die HNP om die
oorgawe aan die ANC te probeer keer.
Die vertellings word gestaaf deur
unieke foto- en lewendige video-materiaal
uit dié era.

**R800 per stel van 8 DVD's**
**(netjies verpak) of 'n geheuestokkie.**

**info@hnp.org.za**

# Buiteland

## Het Biden regtig in 2020 gewen?



Vroeg in Desember het Fulton County 'n belangrike erkenning gemaak in die voortdurende verkiesingsintegriteitsake rondom die 2020-verkiesing. Hoewel dit niks sal verander nie, kan dié inligting help om die rekord reg te stel oor een van die mees bevraagtekende verkiesings in die Verenigde State se geskiedenis.

In 'n verhoor van die *Georgia State Elections Board* op 9 Desember het 'n verteenwoordiger van Fulton County erken dat honderdduisende stemme ongesertifiseerd was. Die erkenning was in reaksie op 'n uitdaging in Maart 2022 wat deur die plaaslike verkiesingsintegriteitsaktivis, David Cross, aanhangig gemaak is.

"Wanneer die wet drie handtekeninge op tabulatorbande vereis en die distrik versuim om die reëls na te kom, is daardie 315 000 stemme per definisie ongesertifiseerd."

Cross het beweer dat Fulton County die Georgia-wet oortree het in die hantering van vooraf stemming in die aanloop tot die November 2020-verkiesing. Hy het spesifiek beweer dat verkiesingsbeamptes versuim het om stemtabulasiebande te onderteken, 'n belangrike stap in die sertifiseringsproses.

Cross het beweer dat sy groep byna $16 000 in versoeke vir oop rekords betaal het en "meer as 77 megagrepe rekords" ontvang het wat meer as 315 000 stemme verteenwoordig.

Verder het Cross ook beweer dat hy bevind het dat stembusse op "onmoontlik laat ure" oopgemaak is en ander probleme met die stembusse wat hy gesê het "katastrofiese breuke in die ketting van bewaring en sertifisering" verteenwoordig.

Die aktivis het beklemtoon dat die soeke na regstelling in hierdie geval bo partypolitiek is: "Dit is nie partydig nie. Dit is statutêr. Dit is die wet. Wanneer die wet drie handtekeninge op tabulatorbande vereis en die distrik versuim om die reëls na te kom, is daardie 315 000 stemme per definisie ongesertifiseerd."

Ann Brumbaugh, 'n prokureur vir die *Fulton County Board of Registration and Elections*, het tydens die verhoor aan die *Georgia State Elections Board* erken: "Ek het nie self die bande gesien nie, maar ons betwis nie dat die bande nie onderteken is nie. Dit was 'n oortreding van die reël."

Brumbaugh het opgemerk dat die opleiding, fasiliteit en leierskap sedert die 2020-verkiesing verander het, en bygevoeg: "Ons betwis nie die bewering van die 2020-verkiesing nie."

Tydens die verhoor het Cross gevra dat Fulton County deur die staatsverkiesingsraad gedwing word "dat die distrik hul oortredings in die openbaar erken", en dat die staat die gevorderde stemuitslae van 2020 desertifiseer.

Cross het beklemtoon dat dit nie 'n kwessie van tellingvereffening was nie, "maar eerder om 'n onuitwisbare en permanente asterisk op die rekord te plaas en uiteindelik verantwoordbaarheid af te dwing."

Volgens resultate wat destyds gerapporteer is, het Joe Biden die staat Georgia en sy 16 verkiesingstemme met net minder as 12 000 gewen en Donald Trump in die Kieskollege met 306-232 verslaan.

---

## Charlie Kirk het Moslem oorname voorspel

Laat verlede jaar het 'n Moslem tempel by Verulam in Natal inmekaar gestort, skynbaar omdat daar geen planne ingedien is nie en laegraadse goedkoop sement gebruik is.

Dit het egter weer die lig begin werp op hoe groot en invloedryk die Moslem gemeenskap in Suid-Afrika is.

In die res van die wêreld het die Moslem-probleem al veel groter geword. Westerse nasies stort in duie onder die gewig van massa-immigrasie, mislukte assimilasie, demografiese omwenteling en die groeiende



alliansie tussen Marxistiese en Islamitiese ideologieë – 'n bedreiging waaroor Charlie Kirk lank voor sy dood duidelik gewaarsku het.

"Ons praat nie genoeg oor Islam nie... Ons praat nie naastenby genoeg oor die honderdduisende Moslems wat ons vrywillig in ons land ingevoer het wat moskees bou en Sharia-wetgewing implementeer nie," het Kirk eens gesê.

"Jy gaan na Minneapolis, jy gaan selfs na Dallas, jy gaan na New York, en dit sal baie duidelik word. Dit sal versprei. Weet jy hoekom? Want die vroue van die Weste kry katte. Die vroue van Moslems het agt kinders. Uiteindelik werk dit nie baie goed nie," het hy gesê.

*BlazeTV*-aanbieder, Allie Beth Stuckey, kon nie méér met Kirk saamstem nie.

"Ek het gedink hy gaan in die rigting van toksiese empatie gaan, want dis toksiese empatie wat ons laat sê het: 'Nee, Christene is die slegtes. Moslems is die grootstes. En ons moet net enigiemand onbelemmerd in ons land aanvaar,'" vertel sy haar pa, Ron Simmons op die tv-program, "Relatable."

Simmons het dit in sy eie woonbuurt opgemerk.

"Selfs in die buurt waarin ek woon, loop ek baie... Ek sal by mense verbyloop wat ek weet hierheen geïmmigreer het, jy weet, hulle ontmoet, en hulle sal nie eers oogkontak maak nie. Dis net regtig vreemd," sê Simmons vir sy dogter.

"Dis nie die Amerika waarin ek grootgeword het of waarin ek glo nie," voeg hy by.

"En dis een ding, jy weet, ons het so baie gehoor, veral die afgelope paar jaar: 'Diversiteit is ons sterk punt. Wel, statisties gesproke, is dit nie waar nie," stem Stuckey saam.

"Dit kan verskillende perspektiewe en sulke dinge bring, maar aan die einde van die dag moet jy sê: 'Goed, maar dis wat ons in gemeen het.' Maar as jy dit nie het nie, dan is diversiteit 'n swakpunt," sê sy.

"Ons probeer multikulturalisme op mense afdwing sonder enige gedeelde onderliggende waardes," gaan sy voort. "En dit het op geen plekke deur die geskiedenis heen gewerk nie."

Ook die Amerikaanse direkteur van nasionale intelligensie, Tulsi Gabbard, het gewaarsku teen die gevaar van Islam. *(Sien volgende berig.)*

---

## Oorlog tussen Amerika en Rusland?

Die direkteur van Amerika se nasionale intelligensie, Tulsi Gabbard, het aan die Ameri-caFest-skare in Phoenix, Arizona, gesê dat belangrike globale bondgenote hoop om die Verenigde State in 'n oorlog met Rusland te sleep.




Gabard het verduidelik dat die "oorlogstokers in die diep staat" Rusland en Oekraïne verhoed om 'n vredesooreenkoms te bereik, wat president Donald Trump se pogings ondermyn.

"Ons kan nie toelaat dat dit gebeur nie."

"Voorspelbaar gebruik hulle dieselfde ou taktiek wat hulle nog altyd gebruik het. Die diep staat binne die intelligensiegemeenskap bewapen 'intelligensie' om vooruitgang te ondermyn," het sy gesê.

Gabard het gesê hierdie diep-staters lek dan daardie sogenaamde "intelligensie" aan hul vriende in die "hoofstroom propaganda-media" om 'n valse narratief te bevorder.

Sy het verder die Europese Unie en die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie (NAVO) daarvan beskuldig dat hulle die VSA in 'n direkte stryd met Rusland wil trek.

"[Diep-staters] stook vrees en histerie aan as 'n manier om die voortsetting van die oorlog en hul pogings om president Trump se pogings tot vrede te ondermyn, te regverdig," het Gabbard gesê. "En hulle doen dit spesifiek in hierdie geval om te probeer om die Amerikaanse weermag in 'n direkte konflik met Rusland te trek, wat uiteindelik is wat die EU en NAVO wil hê."

Tydens haar AmFest-toespraak het Gabbard ook gewaarsku oor die bedreiging van Islamitiese ideologie.

"Daar is 'n bedreiging vir ons vryheid waaroor nie dikwels genoeg gepraat word nie. En dit is die grootste kort- en langtermyn bedreiging vir beide ons vryheid en ons veiligheid, en dit is die bedreiging van Islamitiese ideologie," het sy gesê.

Gabbard se kommentaar het gejuig en applous van die gehoor ontlok.

Sy het aangevoer dat Islam in sy kern 'n politieke ideologie is wat poog om 'n "globale kalifaat" te implementeer wat vryheid deur Sharia-wetgewing sou vernietig.

"Dit is reeds aan die gang in plekke soos Houston. Dit is nie iets wat moontlik kan gebeur nie; dit gebeur reeds hier binne ons grense," het sy gewaarsku. "Paterson, New Jersey, is trots om hulself die eerste Moslemstad te noem."

Gabbard het verder gewaarsku dat Islamitiese ideologie "gepropageer word deur mense wat nie net nie in vryheid glo nie, maar hul fundamentele ideologie is teenstrydig met die fondament wat ons in ons Grondwet en Handves van Regte vind, naamlik dat ons Skepper ons onvervreembare regte gegee het. Die reg op lewe, vryheid en die nastrewing van geluk."

---

## Politieke spanning in verskeie Oos-Duitse state – Merz onder druk

Die uiteensetting wat hier volg, is oorgeneem uit die Vlaamse politikus, Peter Logghe, se Facebookbladsy, waar hy ‘n interessante perspektief gee wat nie elders na vore tree nie.

“Langdurige regeringsonderhandelinge in Nederland, nog 'n Franse regering onder president Macron wat nie daarin slaag om 'n werkbare parlementêre meerderheid te verseker nie, en die Britse premier, sir Keir Starmer, wat 'n verpletterende nederlaag in die Walliese verkiesing volgende jaar in die gesig staar, wat die Arbeidersregering in toenemende moeilikheid plaas. Omdat Duitsland afwesig is van ons hoofstroommedia, lyk dit asof dinge vlot verloop in ons oostelike bure. Niks is verder van die waarheid nie!

“Twee jaar voor die volgende staatsverkiesings het die uiters-linkse party Die Linke sy bereidwilligheid verklaar om 'n CDU-minderheidsregering in die Oos-Duitse staat Sakse-Anhalt konstruktief te ondersteun, met die doel om die AfD uit die mag te hou. ‘Hierdie soort konstruktiewe opposisie, wat ons reeds in Thüringen en Sakse implementeer, kan ook hier 'n oplossing wees,’ sê Jan Van Aken, partyvoorsitter van Die Linke. Die enigste voorwaarde wat Van Aken stel, is ‘dat die CDU nie poog om meerderhede met die AfD te verseël nie.’ Met ander woorde: sluit regse kiesers uit. Volgens onlangse meningspeilings kan die AfD op 40 persent van die kiesers staatmaak, die CDU op 26 persent (minus 8 persent), en Die Linke op 11 persent. Die CDU sou absoluut mal moes wees om kragte saam te snoer met Die Linke – bloot partypolitiek, met ander woorde.

“Is daar nuwe verkiesings op pad in die staat Brandenburg?

“Daar is selfs meer politieke spanning in 'n ander Oos-Duitse staat, Brandenburg. In 'n stemming in die staatsparlement het twee LP's van die 14-lede BSW-faksie (Bündnis Sahra Wagenknecht, 'n linkse party met sosio-ekonomiese sienings, maar krities oor immigrasie) teen die res van die BSW gestem, wat saam met die SPD die staatsregering vorm. Agt van hul kollegas het toe hul uitsetting uit die party geëis. Twee ander BSW-parlementslede in die staat het toe aangekondig dat hulle ook die parlementêre groep sou verlaat. Dit alles ten spyte daarvan dat die SPD-BSW-regering in Brandenburg 'n meerderheid van slegs twee stemme gehad het.

“Selfs 'n koalisieverandering met die CDU sou nie help nie, aangesien die CDU slegs 12 parlementslede het. Die enigste oorblywende opsie, tensy nuwe verkiesings plaasvind: 'n koalisie van die BSW, SPD en CDU. Maar agt BSW-parlementslede het reeds verklaar dat hulle nie gretig is om "voort te gaan met die implementering van SPD-beleid nie. Want, volgens 'n anonieme stem binne die BSW, ‘wou Duitse kiesers met hul stem vir BSW dit duidelik maak dat hulle 'n ander beleid wou hê. Ons is nie verkies om die politieke 'verlengde arm' van die SPD te wees nie.’ In die mees onlangse meningspeilings kom die AfD op 35 persent te staan, terwyl die SPD na verwagting 21 persent (minus 11 persent) sal verloor. In hierdie toestand sou die AfD groter word as die CDU en SPD saam.

“Intussen het die koalisie in Brandenburg ineengestort. Glo my: Duitsland is onder politieke spanning,” skryf Peter Logghe.

## Nederland kry 'n minderheidsregering

Na die verkiesings in Nederland in Oktober 2025 is die nuwe Tweede Kamer formeel beëdig, en die uitslag is bevestig: D66 is die grootste party, met die PVV tweede.

Die vorige regering het in Junie 2025 geval nadat Geert Wilders se Party vir Vryheid (PVV) uit die kabinet onttrek het oor onenigheid oor asiel- en immigrasiebeleid. Die kabinet het sedertdien in demissionêre funksie voortgegaan.

Formasiegesprekke het lank geduur, met informateurs wat verskeie kombinasies verken het en 'n paar keer van span gewissel het.

Die afgelope week het D66, CDA en VVD 'n ooreenkoms aangegaan om 'n minderheidskabinet te vorm, 'n seldsame oplossing waarin die drie partye saamwerk sonder 'n meerderheid in die Tweede Kamer.

Hierdie drie partye het saam 66 van die 150 setels, wat beteken hulle het nie 'n parlementêre meerderheid nie en sal ondersteuning van ander partye vir elke beleid moet soek.

Die partyleiers, veral D66 se Rob Jetten (wat waarskynlik premier word), erken dat dit 'n moeilike uitdaging gaan wees om wette en begrotings goedgekeur te kry sonder breër steun.

'n Minderheidskabinet kan regeer, maar moet steeds by ander partye steun kry vir wetsontwerpe. Dit verg voortdurend onderhandeling en kompromieë in die parlement.

Geert Wilders se PVV, wat die tweede grootste party is, is oor die hoof gesien, en ook 'n ander meer regse party, JA21, is ook oor die hpoof gesien, alhoewel JA21 wel deel was van die koalisiegesprekke.

Die meerderheid Nederlandsers het dus regs gestem, maar hulle stem weerklink nie in die regering nie.

Geert Wilders het reeds voorspel dat Nederland volgende jaar weer na die stembus sal moet gaan omdat hierdie minderheidsregering nie staande gaan bly nie.

---

## Venezolaan vertel self

Die YouTube-nuus-videokanaal, *Nuuspod*, wat deur Izak du Plessis bedryf word, het na die gebeure in Venezuela, die onderstaande boodskap gekry van 'n Venezolaan wat Venezuela verlaat het, en sy analise gee:

"Tensy jy Venezolaans is, mis jy amper alles wat saak maak.

"Ek is Venezolaans.

"Ek het my land in 2013 verlaat toe Hugo Chávez gesterf het en Nicolás Maduro die mag oorgeneem het.

"Ek het nie vertrek omdat ek 'die lewe in die buiteland wou probeer' nie.

"Ek het vertrek omdat ek kon sien wat kom, en om te bly het beteken dat ek my toekoms jaar na jaar sien wegkwyn het.

"So wanneer Amerikaners vra: 'Wat dink Venezolane daarvan dat Trump Maduro uit die presidentskap dwing?'

"Laat ek daardie vraag eerlik beantwoord, sonder slagspreuke, sonder morele teater, en sonder om voor te gee dat dit eenvoudig is.

"Die meeste Venezolane voel verlig.

"Nie omdat ons van Trump hou of omdat ons glo die VSA doen dinge uit suiwer liefde vir vryheid nie.

"En nie omdat ons naïef is oor geopolitiek, olie of mag nie.

"Ons voel verlig omdat ons iets beleef het wat Amerikaners nog nooit ervaar het nie: 'n land waar niks werk nie, waar verkiesings nie saak maak nie, waar geld ophou om geld te wees, en waar tyd self gebroke voel.

"Nou, voordat iemand inspring om te sê 'maar nie alle Venezolane stem saam nie,' laat ons presies wees.

"Ja, daar is 'n minderheid wat nie saamstem nie.

"En daardie minderheid val gewoonlik in een van drie groepe.

- Sommige het sake met die regime gedoen.
- Sommige was persoonlik gemaklik binne die stelsel en geïsoleer van die ergste gevolge daarvan.
- En sommige is in sulke uiterste armoede gestoot dat oorlewing van gehoorsaamheid afgehang het.

"Hierdie laaste groep maak saak, so laat ek dit duidelik verduidelik.

"Miljoene Venezolane is gereduseer tot afhanklikheid van 'n regeringsuitgereikte voedselboks.

"'n Boks met rys, pasta, olie, soms vervalde kos.

"'n Boks wat onreëlmatig aangekom het. 'n Boks wat as hefboom gebruik is.

"Mense is eksplisiet of implisiet meegedeel: 'As die regering val, gaan dit weg.'

“Dis gyselaarpsigologie!
“Wanneer ellende daardie vlak bereik, verdedig mense nie die stelsel omdat hulle daarin glo nie. Hulle verdedig dit omdat hulle bang is om die enigste ding wat tussen hulle en honger staan, te verloor.
“So ja, sommige mense het verandering teengestaan.
“Maar daardie opposisie was nie vry, ingelig of waardig nie.
“Dit is deur ineenstorting afgedwing.
“Die res van ons het iets heeltemal anders beleef.
“Sedert Maduro in 2013 aan bewind gekom het, het Venezuela ongeveer 80% van sy ekonomie verloor.
“Ons het jare van hiperinflasie deurgemaak waar pryse nie maandeliks of jaarliks gestyg het nie. Hulle het daagliks gestyg. Soms uurliks.
“Salarisse het betekenisloos geword. Pensioene het simbolies geword.
“Hele beroepe het verdwyn.
“Ons het geprotesteer. Ons het gemarsjeer. Duisende mense het k*k gekry en tienduisende meer is onwettig as politieke gevangenes opgesluit.
“Net omdat hulle nie van Chavez of Maduro gehou het nie.
“Ons het ook gestem omdat ons in demokrasie glo.
“In 2015 het die regime die parlement met 'n massiewe marge verloor. Die uitslag is geïgnoreer.
“Ons het weer gestem. In 2024 het die opposisie oorweldigend gewen, ongeveer 70-30. Die uitslag is geïgnoreer.
“Stel jou voor jy wen elke swaaistaat in die VSA en dan word vir jou gesê: ‘Nee.’
“Dit is nie politiek nie.
“En steeds het ons nie in opstand gekom nie.
“Ons het probeer om grondwetlik te bly. Vreedsaam. Wettig.
“Gedurende al hierdie tyd het ongeveer 'n derde van die land vertrek. Gesinne is uitmekaar geskeur. My eie pa is in ballingskap oorlede. Kinders het sonder grootouers grootgeword. Hele stede het oornag verouder.
“So wanneer Amerikaners sê: ‘Maar buitelandse ingryping is verkeerd,’ verstaan dit: Van binne af is Venezuela reeds beset deur Iran, China, Kuba, Rusland, wat ons geliefde land as skuiling vir terrorisme, dwelmsmokkelary en as 'n vastrapplek op die Amerikaanse vasteland gebruik.
“Geen Venezolaan wat ek ken vier bomme, vernedering of chaos nie.
“Waarop ons reageer, is die moontlikheid dat die slot uiteindelik kan oopgaan.
“Ons weet die VSA het belange. Olie. Minerale. Strategie. Mag. Ons is nie kinders nie.
“Maar ons onthou ook 'n tyd toe Venezuela funksioneel, voorspoedig en met die wêreld verbind was. Toe mense na ons land gekom het in plaas daarvan om daarvan te vlug. Toe 'n toekoms nie onverantwoordelik gevoel het om voor te stel nie.
“So as jy Amerikaans is en verward is deur Venezolane wat vier, moenie vra of hulle ‘ingryping ondersteun’ nie. Vra watter soort lyding mense risiko laat aanvaar in ruil vir hoop.
“Want hierdie reaksie het nie uit ideologie gekom nie, maar uit uitputting.”

---

## Groenland nader aan Amerika as aan Denemarke

Die Amerikaans president, Donald Trump, dreig om Groenland by Amerika in te lyf, skynbaar vir “strategiese redes”.
Dat hierdie voorneme van hom nie goed ontvang word in die wêreld nie, is ‘n reeds welbekende feit.
‘n Vlaamse advokaat wat lank in die Europese Parlement vir Vlaams Belang gewerk het, Rob Verreycken, gee egter ‘n interessante brokkie inligting.
Op sosiale media sê hy die volgende: “Groenland. Feite: geografies is dit nie deel van Europa nie, maar van Amerika. Dit is nie eers deel van die EU nie.
“Die hoofstad, Nuuk, is nader aan New York as aan Kopenhagen.
“Die bevolking (60 000) is ongelooflik laag (en hulle is baie ongelukkig). 90% van daardie inwoners is nie Europeërs nie, maar ‘in-uit’.
“Wat jy dus rasioneel kan verwag, is dat die VSA 'n groot bedrag geld op die tafel sal sit om 'n goeie ooreenkoms vir die VSA, die mense en selfs Denemarke te verseker.
“Enigiemand wat emosioneel opgewonde wil raak, sal beter daaraan toe wees om dit te doen vir die voortgesette Turkse besetting van die helfte van Christelike Siprus, wat EU-gebied is; dit IS terloops 'n blatante skending van die onlangs aanvaarde ‘internasionale reg’”. ■

***Die Afrikaner*** is bevoorreg om weer Sus Lettie se briewe aan Sus Katrien te kan plaas.

Alet Murray het hierdie briewe van 'n heelwat jonger Lettie aan 'n heelwat jonger Katrien geskryf vir ***Die Afrikaner*** in die vroeë tagtigerjare.

Almal het maar saam met die jare gestap, en Alet het ingewillig om die avonture van Lettie en Servaas weer op te tel waar hulle tans in 'n ouetehuis woon...




Jy kan nou maar sê wat jy wil, maar die lekkerste kos in die wêreld, is 'n sny vars brood met botter en konfyt. Deesdae is daar soveel lekker brode op die mark om van te kies, daar is behoorlik 'n hele spyskaart van brode.

Soos dit nou maar gaan gedurende die feestyd, gebeur dit 'n keer of wat dat 'n mens "uiteet". Vir alle vrouens wat aldag moet sorg vir vleis, rys en aartappels op die tafel, is dit 'n heerlikheid om by 'n tafel te kan gaan sit wat klaar gedek is en dan 'n lekker bord kos te kry wat deur ander hande gekook is. Afhangende van die dis, kry jy dikwels ook 'n snytjie interessante brood. Maar dis snaaks genoeg ook die einste snytjies brood wat dikwels die genot uit jou ete kan neem.

Toe die feesmaand nog in sy presentkoop stadium was, het ek en Servaas op 'n dag besluit om vroeg-vroeg die inkopietog aan te pak en dan 'n laatontbyt te gaan eet. Ek bestel maar die gewone spek en eiers met my geliefde sousboontjies by. Dit kom ook normaalweg met 'n snytjie roosterbrood, botter en konfyt.

Die roosterbrood wat by my uitkom, lyk asof dit met 'n strykyster bygekom is, dis so plat gedruk en nog spierwit. Ek roep die kelner en vra ordentlike roosterbrood. Die volgende poging was nie platgedruk nie, maar dit het ook nie hitte gevoel nie. Roep weer die kelner. Wys hom my bruin handsak en sê my brood moet so 'n kleur hê. Sy poging kom terug, mooi bruin en in twee driehoeke gesny. Ek roep hom weer en sê asseblief, die onderkante moet ook bruin wees. Uiteindelik kry ek twee driehoeke, albei kante bruin en aggeneeeeeee! Dis blink van die olie!

Toe ons tuis kom, vra Servaas met 'n skewe lag of ek vanoggend nuwe respek vir ons bakoondbrood gekry het. Hoe kon hy nog vra!

Die volgende dag was Donderdag en ons kuieroggend. Die ou stofie het goed gebrand en die ketel was gesellig aan die sing toe ek opdaag, gereed om my roosterbrood-jeremiade te deel. Ek kry egter nie kans om my eerste woorde te uiter voordat Allegro ons grootoog vra wie al die Van Zweels se dogter ontmoet het. Sy en Andante was glo ook op die presentejag toe hulle die onderwysergesin in 'n restourant teëgekom het. Daar sit Meneer, Mevrou en hulle dogter met die driekleur hare en 'n vlagrok en eet.

"Nou weet ek tog iets wat julle nie sal kan raai nie. Die dogter se naam!" sê sy.

"As die pa en ma Meneer en Mevrou is, is sy seker Mejuffrou," raai Heidie.

"O nee, die dogter sê glo in die nuwe wêreld waarin ons woon, het niemand meer titels en vanne nie. Net noemname," lag Allegro.

"Ag toenou, hou op om ons nuuskierig te maak," sê Sarie.

"Dis Papawer!"

"Slaat my dood met 'n hoenderveer!" sê Eeufeesia. "Solank sy wegbly van die papawerprodukte!"

"Ja," gaan Allegro voort. " Hier sit Papawer en sy eet slakke in 'n sous van bloukaas en langsaan haar bord lê drie krulletjies droë brood wat laasweek al die lig gesien het. Nie eens 'n ou bottertjie nie."

Katrien, die slim mense sê hierdie gaan 'n moeilike, onstuimige jaar wees. Ag maar as mens brood en konfyt het, oorleef jy alles. Ons moet maar genoeg konfyt kook en aanhou ons eie vars brode bak.

Mooi jaar vir julle!

Groete ook aan ou Swaer.

Jou liefhebbende
Sus Lettie



# Herstigte Nasionale Party

Tel 079 752 4898
e-pos: **hnpvansa@gmail.com**

# Aansoek om Lidmaatskap

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee plegtig dat die grondslag, doelstellings en beginsels van die Herstigte Nasionale Party ten volle onderskryf en my aan die grondwet onderwerp.

Titel: Prof Dr Mnr Mev Mej

Van en Voorletters: ____________________

Adres: ____________________________ Sel.no.: ________________________

____________________________ E-pos: ________________________

____________________________

Poskode: ________

ID No: _________________________________

Vaardigheid/Beroep: ______________________________

Ledegeld: ☐ (D/O)(R50 p/m)

Handtekening: ______________________ Datum: ________________

**Goedkeuring van Lidmaatskap**

**Datum van toelating:** _______________________ **Ledegeld betaal:** ____________

**(Get.) Werwer (HNP-lid):** ____________________________________________________

**Bankbesonderhede:**

**ABSA Tjek**rekening: 020770880 **Rekeningnaam**: Spitskopfonds **Verwysing**: U naam en van

*Kantoorgebruik:*

Datum waarop aansoek ontvang is: ______________ Lidnommer: ________________________

Datum waarop ledekaart aan lid gestuur is: _______________________

**Die Afrikaner** *sedert 1970*

admin@hnp.org.za Tel. 079 752 4898

# Debietorderopdrag

Titel: Prof. Dr. Mnr. Mev. Mej.

Van en Voorletters: ________________________________________

Adres: ______________________________ Sel. ______________________________

______________________________ E-pos ______________________________

______________________________

Poskode: __________

ID Nr: __________________________ Datum: _______________

**AAN:** ***Die Afrikaner*****, Posbus 18826, PRETORIA-NOORD, 0116.**

Geagte Meneer **MY OOREENKOMS: MAANDELIKSE BYDRAE**

Die besonderhede van my/ons* bankrekening is soos volg:

**BANK** ________________________________

**TAKNAAM EN DORP** ________________________________

**TAKNOMMER**: _______________ **REKENINGNOMMER**: ________________________

**TIPE REKENING**: **Tjek** **Transmissie** **Spaar**

**BEDRAG:** R _____________ ( ________________________________**Rand**) in woorde

Ek/Ons* versoek hiermee, “dra dit aan u op”, en magtig u om my/ons* rekening by bogenoemde bank (of ‘n ander bank of tak waarheen ek/ons* my/ons* rekening mag oorplaas) met bostaande bedrag te debiteer ten opsigte van bogenoemde ooreenkoms op die 1e 16e dag van elke maand met ingang ____________________. Alle sodanige onttrekkings uit my/ons* bankrekening deur u word behandel asof dit deur my/ons* persoonlik onderteken is.

Ek/Ons* stem toe om enige bankkoste met betrekking tot hierdie debietorderopdrag te betaal. Hierdie magtiging kan deur my/ons* gekanselleer word deur aan die HNP skriftelik dertig dae kennis te gee, maar ek/ons* verstaan dat ek/ons* nie op ‘n terugbetaling van bedrae geregtig is wat u onttrek het terwyl dié magtiging van krag was nie. Die ontvangs van hierdie opdrag deur u word as ontvangs daarvan deur my/ons* bank (soos die geval mag wees) geag.

Onderteken te _____________________ op hierdie _____ dag van _______________ 2024.

______________________________
HANDTEKENING

*Skrap wat nie van toepassing is nie